# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Pectora roborant cultus recti

Jaargang XXXVII, Nr. 12 — DONDERDAG, 14 OKTOBER 1982


CARNEGIE-BIBLIOTEEK UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH 15 OCT CARNEGIE LIBRARY UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

## Party in posstem-penarie?

DIE Nasionale Party (NP) het die dames van Nerina na bewering met die uitreiking van posstemaansoeke onder 'n wanindruk gebring.

Mej. Suretha Snyders, die vorige primaria van Nerina, het gesê die meisies in haar koshuis is verontwaardig oor die manier waarop die NP geprobeer het om posstemme te werf.

Die NP-verteenwoordiger in die koshuis het die aansoekvorms blykbaar van kamer tot kamer uitgedeel. Die verteenwoordiger het die vorms vooraf as getuie onderteken en studente kon hulle name, adresse en handtekeninge daarop invul. Die rede vir elke aansoek — die kieser se afwesigheid op stemdag — is na bewering self deur die NP-werkers ingevul.

Na bewering moes dié aansoeke dit vir studente wat op stemdag eksamen skryf makliker maak om te stem. Die aansoekvorms is in verskillende koshuise uitgedeel.

Die Kieswet van 1979 bepaal dat 'n persoon net 'n posstem kan uitbring as hy op stemdag uit sy kiesafdeling afwesig is, of as hy dan ernstig siek of medies ongeskik is.

Minstens een van dié redes moet op die aansoekvorm verskyn. Persoolike besonderhede moet in die teenwoordigheid van 'n getuie verstrek word. Die getuie mag die aansoek onderteken as hy van die aansoeker se identiteit seker is en weet die verklaring in die aansoek is waar.

'n Kieser is nie verplig om te stem vir die party wat die posstem gereël het nie.

Dit lyk of baie studente wat om posstemme aansoek gedoen het, wel met stemdag op Stellenbosch sal wees. Hulle mag daarom aan 'n misdryf skuldig wees. Van die betrokkenes het intussen beëdigde verklarings oor die saak afgelê.

Die Progressiewe Federale Party het 'n ondersoek na die aangeleentheid gelas. Die Stellenbosch-tak van dié party het 'n waarskuwingsbrief aan die NP-tak gestuur en het reeds regshulp ingewin.

Mnr. Frik van Deventer, NP-organiseerder, het gesê die aansoekvorms is bedoel vir studente wat op stemdag uitstedig sal wees. Hy meen studieverpligtings of moontlike afwesigheid kan as redes in die gees van die Kieswet verstaan word.

Studente wat ongelukkig voel, kan met die NP-kantoor, waar van die aansoeke teruggehou word, in verbinding tree.

*deur André Myburgh en Charles Knipe, LSS, US, Stellenbosch.*

*NOU FINAAL:*

## 'Koshuis' vir seniors kom

EEN blok van Nemesia en Serruria onderskeidelik gaan afgeskei word van die res van die koshuis en dien as 'n anneks vir senior damestudente. Slegs studente wat drie studiejare suksesvol voltooi het, kom in aanmerking vir dié blokke.

Daar is ± 24 enkelkamers en 24 dubbelkamers beskikbaar. Reëls vir universiteitshuise sal vir dié blokke geld. Daar sal byvoorbeeld nie inkomtye wees nie. Etes is nie by die losiesgeld ingesluit nie.

Die Universiteitsowerhede sien die volgende voordele in hulle besluit:

— lae tariewe soos beplan vir Sonop (R750 per jaar vir 'n enkelkamer en R650 per jaar vir 'n dubbelkamer).

— geriewe wat aan alle moontlike behoeftes voldoen,

— die gebruik van slegs een blok wat voorkom dat die karakter van die koshuis geskaad word.

Die oorblywende blokke van die koshuise behou 'n inwonertal van 150 en dieselfde reëls as vir enige ander koshuis op die kampus sal vir hulle geld.

In die aparte blokke sal bestaande koffie-kroegies uitgebrei word tot kombuise, wat elk beskik oor 'n tweeplaatstofie en 'n yskas.

Daar word beplan om die grondvloer in te rig as sitkamers met onspanningsfasiliteite. Indien toestemming van die Universiteitsraad verkry word, beoog die administrasie om die Tinie Louw-saal se bestaande eetstelsel uit te brei. Inwoners van die senior blokke sal in dié eetsaal kan eet op 'n kaartjiestelsel teen 'n effens hoër tarrief.

Die blokke sal deur 'n hoofstudent verteenwoordig word. "Hierdie blok is nie deel van die bestaande koshuis nie en word as 'n aparte huis beskou," aldus mnr. Albie Basson van Administrasie. Hy sê die aanvraag vir enkelkamers is so hoog dat 'n student slegs vanaf haar vyfde studiejaar daarvoor kan aansoek doen. 'n Beperkte aantal dubbelkamers is vir vierdejaars beskikbaar. Alle enkelkamers is reeds toegeken.


*Die Matie* het met die 1982/83 primariae van Nemesia en Serruia gesels. Volgens Ilse de Villiers van Memesia en Serruria gesels. Volgens Ilse de Villiers van Neaan die studente se behoeftes. Sommige studente is ontevrede omdat geen enkelkamers aan vierdejaars toegeken word nie.

"Kleiner praktiese probleme het intussen opgeduik. Wasgeriewe word nie vir dié blokke voorsien nie en dié seniors sal steeds van die koshuis se telefone gebruik maak," aldus Maritha du Preez, die nuwe primaria van Serruria.

Baie studente in Nemesia is ongelukkig omdat die studente nie geraadpleeg is voor so 'n besluit geneem is nie. 'n HK-Lid sê dat dit verblywend is dat die universiteitsowerhede die leemtes in die losiesstelsel raaksien, maar dit is jammer dat die studente se reg op inspraak in hul eie belange weer eens ontneem is.




KINEVAL vir 1983! *(Lees daaroor op bl. 6).*



THIS is the way hundreds of students went bumping down the Eerste River. The sluices of the dam had been opened and turned the normally calm stream into a 'raging torrent'.

## *'Super-tubers' brave river's roaring rapids*

A record number of entrants braved the roaring rapids of a swollen Eerste River to compete in the annual "tube-race". The event attracted unprecedented spectator interest and few were disappointed.

The thrills of riding rubber saw an enthusiastic crowd gather on the field at Vergenoeg from which the race was launched. Unfortunately the Western Province canoe race was in progress and the contestants since had to wait for the canoes to pass. With the adrenalin surging the wait became an agony.

Some contestants adopted a scientific approach to proceedings. An array of atire (and atube) was in evidence, ranging from wetsuits to motorbike helmets. The wait became too much and a group of competitors surged towards the river, only to be turned back by the organisers.

It was clear that whoever got to the water first would hold an advantage. Consequently a second "false start" was soon in progress, initiated by the gallant intubed figure of one "Pompies" van Vuuren.

The second "false start" became the "official start" when the organisers failed to turn back the tide of tubes which poured into the river. Some canoeists became trapped in the mass of tubes and lashed out at the unexpected new obstacles with their paddles.

Submerged rock dealt out their share of bruises but did not significantly detract from the enjoyment of the competition. The bedraggled figures which emerged at the finish agreed that the experience had been worthwhile.

DM bedank *Mikro Country Foods* in Somerset-Wes wat uitsoek voedsel produseer, vir die borg van die Anti-apatie projek.

## Laster genoem

**SOMMIGE lede van die Afrikaner-Broederbond (AB) het by die Rektor, prof. Mike de Vries, geprotesteer teen die aantygings in 'n brief wat in die vorige uitgawe van *Die Matie* verskyn het.**

**Dié brief, onder die skuilnaam "Patriotte", noem 46 ampsdraers van die Universiteit wat na bewering lede van die AB is en betwyfel die regverdiging van só 'n lidmaatskap op veral universitêre terrein.**

**Die protesteerders meen die briefskrywers, en by implikasie die redaksie van *Die Matie*, het hulle akademiese bevoegdheid en persoonlike moraliteit in diskrediet gebring. Hulle dring aan op 'n prominente apologie in hierdie uitgawe waarin die aantygings onvoorwaardelik teruggetrek word en verskoening gevra word vir die karakterskending wat gepleeg is.**

**Prof. De Vries het mnr. Jacques Joubert, redakteur van *Die Matie*, gewaarsku dat die protesteerders dalk 'n lasteraksie teen die koerant kan instel indien 'n apologie nie verskyn nie. Die Rektor het nie die name van die skrywers van die protes-brief bekend gemaak nie.**

**Mnr. Joubert het regsadvies ingewin. Hy het gesê dit was nie sy of *Die Matie* se bedoeling om iemand te belaster nie.**

*(Sien regstelling op bl. 10)*

WE'LL WELCOME YOU AT

KNOCKDOWN

YOU'LL WELCOME OUR PRICES!

## DUISENDE RANDE:

# Studente betaal self vir vandale se pret

PRETORIA — Verskeie voorvalle van vandalisme het onlangs op Tukkies voorgekom. Verkeerstekens en mure het erg onder die vandale deurgeloop.

Die rektor, prof. D.M. Joubert, het gesê die universiteit neem 'n onverbiddellike houding in teen die persone wat hulle hieraan skuldig maak. Sulke studente is onwelkom op Tuks en sal summier geskors word.

Prof. Joubert het gesê hy was nog altyd 'n voorstander van studentepret, maar daar is perke. Hy het 'n beroep op alle Tukkies gedoen om vandalisme heeltemal uit te roei.

Op Stellenbosch het studente altyd weggekom met die verf van "Pienk Piet". "Pienk Piet" is die bynaam vir 'n standbeeld wat ter ere van prof. Johannes du Plessis, 'n omstrede figuur in die Kweekskool van Stellenbosch in die begin van die dertigerjare, opgerig is. Hy is gevra om die Kweekskool as gevolg van sy sogenaamde liberale houding te verlaat, vandaar die bynaam "Pienk Piet".

Volgens mnr. A.W. Bester, hoof van die Risikobestuur van Kampusbeheer, was die blatantste daad van vandalisme tot dusver toe 'n Matie met sy Veldfiets deur die venster van die hoofingang van die Administrasiegebou gejaag het. Die herstelwerk het die Universiteit R184 gekos.



PIENK PIET was al die slagoffer van verskeie Matie-vandaliste. Pienk Piet, of liewer prof. Johannes du Plessis het 'n interessante verlede gehad. (Sien berig.)

Onderonsies tussen koshuise word nog steeds as studentepret beskou, maar die koshuisfondse moet altyd vir die skade betaal.

In 1981 het die koste van vandalisme sowat R21 000 beloop. Die statistiek vanjaar dui daarop dat daar tot aan die einde van September 28 insidente van vandalisme was, met 'n totale koste van byna R7 000.

In die uitbou van die risikobestuursprogram word 'n algemene sekuriteitspoging geloods. Dit sâl dien as 'n afskrikmiddel vir vandale.

Mnr. Bester het gesê vandalisme gaan met publieke aanspreeklikheid gepaard. Daar word nog gereeld klagtes van die publiek en die plaaslike owerheid ontvang waar studente hulle te buite gaan. 'n Voorbeeld hiervan is die beskadiging van padtekens, maar dit is nou besig om te verminder.

Mnr. Bester het gesê dat die algehele samewerking van die studentegemeenskap hoog op prys gestel sal word. Die studente moet asseblief alle insidente of die moontlikheid daarvan dadelik aan Kampusbeheer rapporteer.



SAL die nuwe revolusionêre mini dieselfde trefkrag hê as die mini-manie van die Sestigerjare?

# Koppe draai na bene

DIE totale aanslag op die sedes en nekspiere van die volk is hier. Ingeligte bronne het beweer dat die eerste versending direk van Moskou af kom. Dit is die einde, sê hulle (van lang rokke) en die laaste stuiptrekkings van 'n volk is in sig. Hulle beweer dat die mini nie hier is om harte te wen nie, maar om hartaanvalle te veroorsaak. Dit is net die Kremlin wat so diabolies te werk sal gaan.

Ten spyte van die dreigende gevaar van vervolging, huiwer *Die Matie* nie om die volgende menings oor dié totale aanslag te publiseer nie.

Mnr. Deon Rossouw, SR-Voorsitter: Ek dink dit is baie min.

Prof. W.P. Esterhuize: Op my ouderdom is alles wat sigbaar is, mooi.




## Dringend

DIE inskrywings vir gegewens wat in 1983 se Matie-dagboek geplaas moet word, sluit 14 Oktober om 24h00. Géén inskrywings of gegewens wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal gepubliseer word nie. Gegewens kan by Cobus Smit in Eendrag ingegee of in die SR-kantoor in die "Publikasies"-rakkie geplaas word.

# Om te sokkie of nie te sokkie nie . . .

DIEN sokkies vandag nog die doel waarvoor dit ingestel is, naamlik om gesonde ontspanning aan studente te verskaf? *Die Matie* het op interessante menings van uiteenlopende aard tydens 'n ondersoek op die kampus afgekom.

Dit is normaal dat 'n groep mense se gewoontes en belangstellings met verloop van tyd verander en dit behoort dus nie snaaks te wees dat studente deesdae eerder sal "New Wave" of "Jive" in plaas daarvan om te "Sokkie" of te "lang-arm" nie.

Die meeste mense wat om hulle menings gevra is, het saamgestem dat dit broodnodig geword het om op sokkies ook voorsiening te maak vir diegene wat nie kan sokkie nie, maar ook 'n behoefte daaraan het om 'n bietjie little los te maak. 'n Paar het hulle standpunte onomwonde gestel:

**Brian Groom van Helderberg:** As hulle meer "Disco-musiek" speel, sal meer mense die sokkies bywoon — veral op koshuisvlak."

**Lynette Bester van Sonop:** "Ek hou van sokkies, maar daar kan gerus meer "Disco-musiek" gespeel word, sodat mense wat nie sokkie nie, ook kan deelneem."

Sokkies in die Gat is nie so gewild as wat dit lyk nie. Die meeste mense het dit teen die mans wat een rand betaal om in ander wat wel dans, se pad te staan. Wanneer hulle wel 'n poging aanwend om te dans, lyk dit asof 'n nuwe supermark besoek word soos hulle voor die meisies verbyloop om hul keuse te maak. Selfs van die mans keur hierdie gewoonte sterk af:

**Manie Roux van Oude Molen:** "Ek vind dit baie interessant om die mense van bo-af dop te hou, maar die gewoonte wat die ouens het om die meisies uit te kyk, is aaklig."

**Christine Malan van Nemesia:** "Ek dink sokkies is 'n veeveiling. Ouens kom nie om te dans nie, maar om meisies uit te kyk."

Almal is dit egter eens dat sokkies oor die algemeen 'n opkikkering nodig het om meer aantreklik te wees. Daar moet, behalwe om vir los-dansendes voorsiening te maak, ook nuwe idees ontstaan om mense meer te trek as die gewone sokkie-brigade:

**George Terblanche van Helderberg:** "Sokkies is oor die algemeen een te styf en daar is altyd net 'n paar wat dans. Nuwe idees soos maskerballe of sokkies wat die vorm van 'n kompetisie aanneem sal meer mense trek."

**Madeleine Cronjé van Huis Neethling:** "Sokkies in die Gat is soms baie lekker. 'n Orkes kan dit nog aangenamer maak."



DIÉ soort sokkie geniet baie studente.

**Petro Hancox van Irene:** "Ek vind sokkies in die Gat soms aaklig. Die meeste ouens staan rond of beweeg langs die rye op en af en kyk meisies uit. Ek hou egter baie van dans."

**Lucille Walker van Heemstede:** "Ek hou van sokkie, maar nie van die manier waarop die ouens die meisies uitkyk nie. Sokkies in die koshuis is lekker maar net te kort."

Radio Matie se suksesvolle sokkie aan die begin van die jaar het blykbaar bewys wat regtig gedoen kan word. Die verskillende kompetisies het groot byval gevind, en die aand was 'n groot sukses. 'n Persoon wat anoniem wil bly sê: "Ek hou nie van sokkies nie, maar gee my een soos Radio Matie s'n, en ek is elke aand daar."

**Carina Koen**

# Engels ontstel Tukkie-student

'n POLEMIEK het ontstaan toe 'n Engelse beriggie vir die eerste keer in *Die Perdeby*, studentekoerant van die Universiteit van Pretoria, geplaas is.

Die berig het oor 'n groep Tukkies wat baklei vir die erkenning van Tuks in die Suid-Afrikaanse roei-arena, gegaan.

Mnr. Anton Jooste, 'n student van Tuks, het in 'n brief aan *Die Perdeby* alle Afrikaners gevra om teen die totale aanslag van Afrikaans te veg.

### Dagga

Volgens mnr. Jooste is die Engelssprekende gemeenskap mense met losse sedes, daggarokers en alkoholiste.

In reaksie op die brief is geskryf dat dit verskil van persoon tot persoon, nie van Afrikaans-tot-Engelssprekendes nie.

Engelse studente van UP wat op mnr. Jooste se brief gereageer het, was almal erg verontwaardig. Hulle dink dit is belaglik en kleinlik om te dink dat een sportberig in Engels 'n kultuur in duie sal laat stort.

### Rektor

Die Rektor van Stellenbosch, prof. M. de Vries, kan nie glo dat daar mense is wat dink dat een Engelse berig in 'n Afrikaanse studentekoerant die einde van Afrikaans kan beteken nie. "Suid-Afrika is 'n tweetalige land. Elke koerant probeer sy lesers tevrede stel. Al is dit minderheidsgroepe is daar geen rede hoekom hulle nie tevrede gestel kan word nie. *Die Matie* en *Die Eikestadnuus* is al jare tweetalig en ek het nog nie klagtes gehoor nie."



SOMMIGE mense wat deelgeneem het aan die binnebandresies op die Eersterivier, het spoedig uitgevind dat rooiwyn en rowwe water nie saamgaan soos dit moet nie. Die resies het op 18 September plaasgevind. Sien berig op bl. 1.

*FOKUS OP VAN ROOYEN TERBLANCHE*

# Nar is ook tuis op preekstoel

VIR die meeste mense is Van Rooyen Terblanche maar net 'n nar — iemand wat veel eerder by 'n sirkus tuis hoort as op 'n preekstoel. Eers wanneer jy met hom gesels, vind jy dat sy lewe ook 'n ander kant het — dié van 'n diep gelowige.

Van Rooyen het in 1975 met sy Admissie-graad begin. Voorheen het hy vir ongeveer twee jaar by Sanlam gewerk. In 1976 het hy sy debuut gemaak deur as een van die dirigente vir Intervarsity aangewys te word.

### Dramaturg

In 1977 was hy die eerste lid van die Aksiekomitee van die Admissiebond om ongewenste lektuur aan die Publikasieraad voor te lê. Hy het ook in dieselfde jaar die beker vir die beste mansrol by die dramafees verower en saam met Jan de Wet 'n tweemankonsert in Beaufort-Wes gehou.

Een van die hoogtepunte van 1978 was 'n fietstoer, gereël om geld vir 'n ventilasiestelsel in die Sentraal-kerk in te samel. Van Rooyen was een van vier mede-organiseerders van dié projek.

In 1979 het hy 'n bestuurslid van die C.S.V. geword. Hy het verskeie konferensiekampe bygewoon. Hy was ook 'n raadgewer nadat Majuba vir die eerste keer weer eerstejaars toegelaat het.



VAN ROOYEN TERBLANCHE.

Van Rooyen is in 1980 as die primarius van Majuba gekies en het ook as ondervoorsitter van die Primariikomitee gedien.

In dieselfde jaar was hy 'n afgevaardigde na die Stigting Studentedialoog.

In 1981 het hy as Sekretaris van die T.S.S.R., die Studenteraad van die Teologiese Seminarium gedien. Hy was voorsitter van die Akker-Rapportryerskorps en van die koördinerende liggaam vir die drie Studentekorpse.

### Topposte

Vir Van Rooyen is studentwees 'n onvergelykbare voorreg, omdat dit die enigste keer is dat 'n mens met ten minste 12 000 ander mense in aanraking kom wat min of meer in jou ouderdomsgroep val en wat dieselfde belangstellings en agtergrond as jy het. Hy glo 'n mens moet jou studentelewe en jonkheid geniet en dit benut. Die situasie op Stellenbosch bly jaar na jaar dieselfde, alhoewel daar deesdae 'n meer ernstige atmosfeer op die kampus heers.

Hy dink dat te veel topposte op die kampus deur seniorstudente beklee word en dat die studente-aktiwiteite grotendeels deur die semesterstelsel versmoor word.

# Meisies speel rugby

TOUCH-RUGBY kry op 15 Oktober 'n ander kleur as die dames van Stellenbosch mekaar op die gras voor Eendrag pak.

### Wisseltrofee

Volgens Alwyn Swart van Eendrag, gaan die geleentheid voortaan 'n jaarlikse instelling word. Die spanne sal jaarliks om 'n wisseltrofee meeding.

Elke dameskoshuis word deur 'n span, bestaande uit sewe lede, op die veld verteenwoordig.

### Nerina

Die span vir die finale wedstryd sal slegs uit vier lede elk bestaan. Die trofee sal deur 'n bekende rugbypersoonlikheid aan die kampioenspan oorhandig word.

Nerina was die 1981-wenner en is vasberade om vanjaar weer te wen.

# Wenners bekend

DIE juniorlede van Pieke en Minerva het deur hulle deelname aan verenigingsbedrywighede die wisseltrofee verower. Die twee koshuise het ook elk 'n bedrag van honderd rand gewen.

Die projek het daarop gedui dat die mansprivaatwyke meer aktief is in kampusbedrywighede as die koshuise. Die mansstudente was in 'n baie groter mate betrokke by verenigings en publikasies as die damesstudente.

Die damesstudente van sommige koshuise se deelname was laer as 20% in verhouding tot hul getalle, wat meebring dat die skoner geslag hand in eie boesem sal moet steek.

Koshuise en ook die privaatwyke is erg benadeel deurdat hulle gepenaliseer is omdat mense uit verenigings bedank het.

Die sukses van die Anti-Apatieprojek hang in 'n groot mate af van die entoesiasme wat die huiskomitees aan die dag lê om hulle junior huislede aan te spoor tot aktiewe deelname. Verenigings kan deur bekendstellingsprojekte hulle aktiwiteite adverteer.

# *HSV gee riglyne vir huwelik*

HUWELIKSVERRYKING is die tema van die besprekings wat die Hervormde Studentevereniging vanaf 12 September tot 24 Oktober aanbied.

Ds. Frikkie Viljoen, leraar van die Hervormde Kerk, het gesê die projek word aangebied om aan studente riglyne vir die hantering van die huwelik te verskaf. Die hoë egskeidingsyfer in ons land is vir jongmense 'n groot bron van kommer. Mense trou sonder dat hulle vir die verantwoordelikhede van 'n huwelik toegerus is, of hulle vermy die huwelik uit vrees vir nog 'n geval vir die statistieke.

'n Paneel, bestaande uit 'n dokter, 'n huweliksraadgeefster en 'n prokureur, het kwelvrae van studente op die eerste byeenkoms beantwoord. Die tweede bespreking met die titel "Rolverdeling in die Huwelik" is deur mev. De Leeu, 'n huweliksraadgeefster gelei.

"Kommunikasie" is die ander onderwerp wat bespreek is. Die laaste bespreking op Sondag 24 Oktober, sal oor konflikhantering handel. Die bespreking sal om 20h15 in die Hervormde Kerk, op die hoek van Bosman- en Hofmeyerstraat, gehou word. Almal is welkom.

PROJEK:

# *Veldtog teen apatie lewer resultate*

deur **André Roodt**

DIE projek deur *Die Matie* geloods om groter deelname aan studentebedrywighede te bevorder, het positiewe resultate asook opbouende kritiek gedurende die implimentering daarvan gekry.

Die projek het terugvoering van verskeie primarii gekry, waardeur die beperking van inkomtye vir die eerstejaar-damestudente onderstreep is.

Dit het geblyk dat van die 52 verenigings wat by die Studenteraad geregistreer is, slegs 42 hulle eie posbusse het. Die posbusse van 'n aantal verenigings was baie keer heeltemal vol. Dié situasie veroorsaak dat briewe nie as 'n betroubare kommunikasiekanaal funksioneer nie. Bogenoemde is slegs enkele praktiese probleme wat in die beginstadium van die projek na vore gekom het.

Die langtermyndoelwit van die projek is daarin geleë dat die Huiskomitee-lede van die onderskeie koshuise en privaatwyke die juniors in hul onderskeie belangstellings betreffende verenigings en publikasies kanaliseer.

Die projek se doel is ook om 'n groter bewuswording by studente te kweek waardeur die Universiteit se belang onafhanklik van die koshuise beklemtoon sal word. Die onderskeie koshuise se belange word meermale voor die Universiteit as 'n geheel gestel, wat meebring dat die Studente-unie daaronder ly.

As uitvloeisel van die Anti-Apatie-projek word daar beoog om die onderskeie verenigingsleiers volgende jaar bymekaar te bring. By dié geleentheid, wat die vorm van 'n spitsberaad sal aanneem, sal dinkskrums gehou word om die verenigingsaktiwiteite meer vaartbelyn te maak deur probleme uit te wys en nuwe idees te implementeer.

Die implementering van die projek het ook verskeie probleemsituasies na vore gebring wat volgende jaar opgelos sal word. Die terugvoering van die onderskeie verenigingsleiers, met die uitsondering van 'n paar, was besonder goed. *Die Matie* wil hierdeur sy dank en waardering teenoor die verenigingsleiers se positiewe reaksie asook die ondersteuning van die SR uitspreek.

Die projek hou 'n groot belofte vir die toekoms in.





DIE huiskomitees van Minerva (bo) en Pieke (onder), die twee koshuise wat besonder goed gevaar het in die Anti-Apatie-projek. Die onderskeie koshuise se juniorlede het die wisseltrofee verower vir hul deelname aan verenigings.

KNOCKDOWN!

LADIES and MEN

WE HAVE ALL YOUR
FASHION REQUIREMENTS
AT DISCOUNT PRICES!

JEANS | T-SHIRTS | TRACK SUITS

BLOUSES | MINI'S | SHIRTS | TRACK SHOES

BLANKET JACKETS | COTTAGE DRESSES

YES! YES! WE'VE BENT OVER BACKWARDS AND GONE UPSIDE DOWN TO BRING YOU THE BEST PRICES IN STELLENBOSCH!

A FURTHER 10% DISCOUNT TO STUDENTS

COME VISIT US AT PICK 'N PAY CENTRE, BIRD/MERRIMAN STS.

# HAIR DESIGN
# WAVE-LENGTH

ANDMAR-GEBOU, KERKSTRAAT, TEL.: 71450 STELLENBOSCH

# 25%
# AFSLAG AAN STUDENTE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| CUT & BLOW | only | LADIES | from | 10.50 |
| | only | GENTS | from | 5.50 |
| | only | GIRLS (under 10 years old) | from | 6.00 |
| | only | BOYS (under 10 years old) | from | 5.00 |
| BLOW DRYING | only | | from | 5.00 |
| SHAMPOO & SET | only | | from | 5.00 |
| COMB OUT | only | | from | 1.50 |
| SHAMPOO | only | REDKEN & BONACURE | | .70 |
| CONDITIONER | only | BALSAM | | 1.50 |
| | only | FOAM | | 3.00 |
| TREATMENTS | only | FERMODYL | from | 5.50 |
| | only | BONAWELL | from | 7.50 |
| | only | PROTINA | from | 7.50 |
| | only | MOISTCURE | from | 9.00 |
| | only | LECETHIN OIL / SULPHUR MILK | from | 4.00 |
| PERMING | only | NATURAL STYLING | from | 19.50 |
| | only | BODYWAVE, DULCIA, FERMODYL, RILLING | from | 27.00 |
| STRAIGHTNER or RELAXER | only | | from | 15.00 |
| TINTING | only | RETOUCH | | 9.00 |
| | only | FULL HEAD | from | 11.00 |
| SEMI-PERMANENT COLOURING | only | TONING | from | 5.50 |
| | only | BONACOLOR & FARANDOL | from | 9.50 |
| HIGH LIGHTS | only | | from | 12.00 |
| HENNA | only | | from | 12.00 |
| SETTING LOTION | only | | | 1.50 |

Sales Tax is not included

# NUWE PRIMS

## Eendrag



Inus Marais
(LL.B.)

HY glo dat 'n huiskomitee se hooftaak is om hul portefeuljes organisatories só af te handel, dat hulle die koshuis se inwoners gelukkig hou. Die primarius se werk is om te sorg dat dit uitgevoer word. Eers dan kan aansluiting op alle terreine van die kampuslewe gesoek word.

## Erica



Alida le Roux
(B.Sc. Dieetkunde)

'n POSITIEWE gesindheid teenoor jou verantwoordelikhede is nodig vir die opbou van 'n gesonde gees. Saam met die huiskomitee sal sy haar beste gee vir Erica in 1983.

## Dagbreek

Bekker Nieuwoudt
(B.Th. IV)

GEEN FOTO BESKIKBAAR.

HY sal graag op die weg wil voortgaan wat Dagbreek die afgelope paar jaar ingeslaan het. Verder stel hy hom ten doel om met die hulp van sy bekwame huiskomitee die gees in die huis te bevorder en sodoende 'n tuiste te skep waar die inwoners gelukkig sal kan saamleef.

## Harmonie



Christel Rothwell
(B.A. Maatskaplik III)

CHRISTEL sien haar koshuis as 'n klein gemeenskap wat onder positiewe en sterk leiding van 'n primaria tot groot hoogtes gevoer kan word, nie net binne die koshuis self nie, maar ook in die uitlewing na buite.

## Hippokrates



Wildrie du Plessis
(B.Ch. D. IV)

HY wil probeer om net die beste vir elke inwoner van Hippokrates te bewerkstellig en om op Tygerberg en op Stellenbosch die koshuis eerste te stel. Hy gaan probeer om die goeie gesindheid wat daar in Hippokrates heers nog verder uit te bou.

## Hombré



Christo van Heerden
(B.Th. I)

HY is dankbaar vir wat die vorige HK vermag het, en sy oogmerk is om daarop voort te bou. Hy glo dat hulle hul plek ten volle op die kampus kan inneem.

Dit is Christo se tweede termyn as primarius.

## Huis Div



Willa Swartz
(B.Econ. III)

IN samewerking met haar koshuiskomitee wil sy Huis de Villiers op 'n getroue en verantwoordelike wyse dien. Hulle sal probeer om 1983 'n jaar van groei vir Huis de Villiers te maak: 'n positiewe groei ten opsigte van elke huislid se karakter, die gees in die koshuis en sy beeld na buite.

## Huis Francie



Gretha Greeff
(MB.Ch. B IV)

DIE huiskomitee van Huis Fransie van Zyl sal streef om betrokkenheid en trots in die huis te stimuleer deur doeltreffende funksionering en aktiewe deelname van elke lid. Waar moontlik, sal hulle hulle vir beter skakeling met Stellenbosch beywer.

## Majuba



Michael Lord
(B.Agric. Admin. III)

MICHAEL gaan hom beywer om 'n gesonde gees deur positiewe leiding uit te bou, sodat almal in Majuba geakkommodeer kan word.

## Minerva



Hanna Meyer
(B.Sc. III)

DIE heel belangrikste is dat elke Minervianer sal tuis voel in Minerva. Daarom sal sy haar beywer om van Minerva 'n tuiste te maak waarin almal gelukkig kan woon en werk.

## Huis Visser



Hans Steyn
(B.Th. I)

HANS en sy huiskomitee sal hulle beywer om 'n gesonde, positiewe gees in Snoektown te handhaaf. Sodoende kan hulle as 'n span goed saamwerk.

## Lydia



Mona van der Westhuyzen
(B.Mus. III)

SY voel dat, na die wonderlike jare op Stellenbosch en in Lydia, dit vir haar 'n besondere voorreg sal wees om terug te kan gee vir dit wat sy ontvang het.

## Oude Molen



Philip Davids
(B.Th. I)

PHILIP en sy huiskomitee sal probeer m selfs beter skakeling tussen die huislede en huiskomitee te bewerkstellig, omdat dit juis so belangrik is in 'n privaatwyk. Hy sal hom ook beywer vir 'n gebalanseerde en ewewigtige benadering van alle sake wat Oude Molen raak. Met die hulp van God sal hy daarna strewe om Oude Molen na die beste van sy vermoë te dien.

## Pieke



Gert Barnard
(B.Th. II)

GERT wil uit ondervinding op ander gebiede put om Pieke so te dien.

## Simonsberg



Gerhard Swart
(LL.B. III)

IN sy termyn as primarius sal hy hom beywer vir 'n goeie koshuisgees en deur positiewe optrede binne en buite sy koshuis sal hy sy koshuis se goeie naam uitdra.

## Sonop



Riana Ross
(BA. LO. III)

RIANA se vooruitsig is om saam met die HK, deur effektiewe organisasie en administrasie, koshuisbedrywighede te laat vlot

# Hoenders moes hier lig loop

DIE hoogtepunt van Helshoogte se Ope Dag verlede kwartaal was ongetwyfeld die onthulling van die hoendermonument deur die koshuis se inwonende hoof, mnr. Chris Aucamp.

Die tema van die Ope Dag, wat Saterdagmiddag om 14h00 begin het, was "hoenders en eiers". Verskeie hoenderspeletjies soos hoendervang en eiergooi, is gespeel.

Elke seksie in die koshuis het 'n span vir die hoenderbraaikompetisie ingeskryf. Damespanne, bestaande uit huislede van Lydia en Huis de Villiers, het ook deelgeneem.

Die "Umpa-band" het met die opening van die biertent as gaskunstenaars opgetree.

Die hoenderskou het groot belangstelling gewek en 643 verskillende hoenderrasse sou vertoon word. Uiteindelik was daar slegs sestien te sien. Die vragmotor wat die hoenders moes vervoer het blykbaar probleme opgetel . . .

Uit die besoekende dames van Lydia en Huis de Villiers is 'n mej. Hoender aangewys. Die aandete het uit gebraaide hoender bestaan, voorsien deur verskeie groot hoendermaatskappye. Behalwe dat die borge hoenders en eiers voorsien het, het hulle ook voorskote en kontantbedrae bygedra.

# *Meisies wen met STUKJA*

NEMESIA, Heemstede en Helshoogte het onlangs 'n gesamentlike poging aangewend om geld in te samel vir die Studente KJA (STUKJA).

Die insameling was ter finansiering van Sendingweek, Werkerskampe en die gaspredikers wat van tyd tot tyd op Stellenbosch optree.

Dit was onder leiding van Ilse Uys van Nemesia. Hulle het ongeveer R100 ingesamel deur die verkope van 50c kaartjies. 'n TV-Braai was die eerste prys en is gewen deur Leana Gildenhuys. Dit is geskenk deur Pick 'n Pay. Die tweede prys, 'n vlekvrye staal teestel, is gewen deur mev. Pretorius van Nemesia. OK Basaars het 50 kg meel gegee wat hulle gebruik het vir die gebak wat op die KJA Basaar verkoop is.

HET U GEWEET?

dat u 'n unieke diamantring vir u persoonlik kan laat maak deur meestervakmanne in die juwelierskuns — teen groothandelpryse! Monex verskaf diamante direk van die slypery en u kan tot 30% bespaar!

MONEX DIAMANTE
Grondvloer, Mobil-gebou
Langstr., Kaapstad. Tel. 21-1200

KOM GENIET
REFUGEE
VANG GEES ELKE AAND 8 TOT?
BY pebbles UNIEKE DAMESKROEG
ONTSPAN IN "DIE PALMS"-KOMPLEKS
★ MUURBAL ★ BORRELBAD ★ SAUNA ★
AROMA Sands ★★TYYY
KUSWEG STRAND
REG BY DIE SEE
☎ (024) 33303

GASVRYHEID ★ VRIENDELIKHEID ★ VERSKEIDENHEID
AROMA
AFSLAG-DRANKWINKEL
Vir persoonlike diens
☎ 7-1018 JOS VAN RENSBURG
H/V MERRIMAN & ANDRINGASTRAAT STELLENBOSCH

Kineval '83 Kineval '83 Kineval '83 Kineval '83 Kineval '83

# Maties gaan Hollywood toe met Karnaval '83

KINEVAL '83 vat Stellenbosch volgende jaar Silwerdoek toe as tema vir karnaval. Die spesifieke afbakening van die karnavaltema is 'n poging om die koshuise leiding te gee in hul uitbeelding van die vlotte en koshuisversierings. Die tema, Kineval '83, kan op verskeie maniere aangepak word.

Die tema word op Saterdag 16 Oktober tydens 'n tuinpartytjie, wat om twaalfuur begin en waartydens daar ook 'n dans en gratis kaas en wyn aangebied word, bekend gestel. Die tuinparty word by die Priory gehou en die drag is formeel.

Debutantes kan inskrywingsvorms by hul koshuisverteenwoordigers kry. Vir die debutantes wag daar groot pryse. Die eerste prys is 'n motor en die tweede prys is 'n oorsese reis.

Debutantes wat tussen R1 000 en R2 000 insamel kan 10% korting op klasgelde kry en bo R2 000, 15% korting.

Die vlotoptog vind 26 Februarie plaas. Daar is 'n moontlikheid dat die lektore van die Universiteit hul eie vlot sal bou.

Die tamboernooientjies sal ook op verskeie plekke optree. Optredes tydens die Intervarsity en op sportbyeenkomste word beplan.

Die hoogtepunt is die nasionale tamboernooientjiekompetisie tydens die Randse Paasskou. Alle onkoste betreffende die tamboernooientjies is reeds deur 'n borg van R12 000 gedek. 'n Prys van R100 sal op 'n pro-rata basis aan die dameskoshuis wat die meeste tamboernooientjies lewer, toegeken word.

Die Karnavalmeesterkompetisie word in 1983 baie uitgebrei. Pryse wat gewen kan word sluit 'n motor, 'n naweek vir twee in 'n hotel by Jeffreysbaai insluitende vliegkaartjies, 'n handgemaakte lessenaar en 'n stel Carducci-klere in. Daarby kry deelnemers ook afslag op hulle klasgelde.



STUDENTE wie se akademie nie vanjaar vlot nie, se karnavalskepe sal volgende jaar sink. . . .



DIE finaliste vir Mej. Matieland is Dinsdagaand aangewys. Mej. Matieland word in Februarie gekroon. Agterste ry: Imke Arndt, Renelle Renaud en Cara Meltzer. Middelste ry: Miets van Rensburg, Matilda van Rooyen en Heidi von Falkenhausen. Voorste ry: Nina Couvaras, Karen Kruger en Wendy McAdam.

## Karnaval '82 Wins Bekend

**DIE omset vir die 1982-Karnavalkomitee was R339 958. Die wins was R211 731. Dit toon 'n verbetering van R204 285 omset en R119 979 wins in 1981. Dié styging van R91 752 was te danke aan die harde werk van die Karnavalkomitee en Studenteunie oor 'n lang Karnavaltermyn.**

## *Karnavalplaas beplan*

STELLENBOSCH gaan moontlik binnekort 'n karnavalplaas, soortgelyk aan Tuks se joolplaas, kry. Mnr. Johan Bell, karnavalvoorsitter, het die behoefte aan so 'n plaas beklemtoon.

Hy het gesê dat dit in die verlede moeilik was om 'n geskikte plek te vind vir die biertuin, vlotbouery, kermis en ander aktiwiteite. 'n Karnavalplaas is al oplossing vir die probleem. Beter beheer sal oor drank uitgeoefen kan word omdat die karnavalplaas omhein sal word.

Die Braak is in die verlede gebruik om die kermis en ander aktiwiteite aan te bied. Weens verskeie faktore kan van die items nie meer daar aangebied word nie. Koördinasie, beplanning en die uitvoering van die aktiwiteite is bemoeilik.

Daar word voorlopig beplan om die karnaval-aktiwiteite op die stuk grond tussen Nerina en Heemstede aan te bied. Dit sal die probleme wat tans met die Braak ondervind word, uitskakel.

Mnr. Bosman het gesê dat hulle nie 'n eksklusiewe plaas wil skep nie. almal moet die fasiliteite kan gebruik.





Volkskas het 'n mooiloopdiens vir elkeen van jou raap-en-skraap-broekskeurdae.

Jongdae. Moeilike dae. Maar goeie dae. Veral as jou Volkskas-bestuurder jou ken. Hy't altyd een of ander diens om aan te bied. Soos 'n spaarrekening vir daardie wonder-wat-kos-'n-tweedehandse-motor-dae. Studiehulp vir die dis-dalk-beter-om-maar-te-gaan-swot-dae. 'n Tjekboek vir daardie skenk-asseblief-u-dringende-aandag-aan-hierdie-rekening-dae. Kredietkaarte en 'n kitsbankdiens vir daardie vanaand-gaan-ons-twee-jaar-lank-uit-dae. Begrip en finansiering vir die ons-wil-trou-pa-dae. Plus 'n magdom ander finansiële dienste vir al jou jongdae. Kom gesels met jou Volkskas-bestuurder. Hy verstaan.

Volkskas

Jou bankgenoot deur dik en dun.



# PARLEMENTÊRE TUSSENVERKIESING 3 November

*GROOT GEBEURTENIS:*

# Kandidate stem in vir saamsit

**DIE Studenteraad het 'n inligtingsvergadering waarop al die kandidate vir die komende tussenverkesing teenwoordig sal wees, gereël. Dit is moontlik die eerste keer in die geskiedenis dat so 'n vergadering in die Kaapprovinsie gehou word. Die vergadering vind op 27 Oktober in die D.F.-Malan Gedenksentrum plaas.**

Mnr. Arnold Smit, SR-lid het op die SP-vergadering van 20 September 'n mosie ingedien wat die SR opdrag gee om dié vergadering te reël. Volgens die mosie moet die SR-voorsitter die voorsitter van die vergadering wees.

**STEMTYE:**
**3 Nov.**
**Stadsaal**
**9vm.-7nm.**

Die SP het die mosie aanvaar en ter ondersteuning daarvan is gesê dat die studente op een vergadering na die standpunte van al die kandidate sal kan luister. Baie studente het nie die tyd om na vier verskillende vergaderings te gaan nie.

Mnr. Deon Rossouw, SR-voorsitter en ook die voorsitter van die vergadering het gesê dat dié manier van politiek bedryf in 'n studentegemeenskap tuishoort.

### Standpunte

Dit maak dit vir die student moontlik om objektief te luister na die standpunte van al die kandidate. Hy glo dat studente 'n meer wetenskaplike en objektiewe benadering het tot die politiek.

Hy het gesê geen persoonlike aanvalle sal toegelaat word nie en die kandidate sal gedwing word om positief te wees.

Elke vraagsteller kan 'n vraag van een-en-'n-halfminuut vra en 'n kandidaat sal vier minute hê om 'n vraag te beantwoord. Die ander kandidate sal dan die geleentheid kry om dieselfde vrae te beantwoord.

Mnr. Rossouw het gesê dat hy die vergadering streng sal beheer en nie sal toelaat dat dit in 'n sirkus ontaard nie. Hy verwag sowat 4 000 studente op die vergadering.

Die SR se reklame-veldtog vir die vergadering begin op 18 Oktober en 5 000 vlugskrifte gaan versprei word. Volgens mnr. Rossouw sal die veldtog baie deeglik wees.

### Reklame

Mnr. Hendrik Verwoerd, die sekretaris van die SR reël die reklameveldtog. Mnr. Arnold Smit, die addisionele lid van die SR is ook verantwoordelik vir die reëlings.

Die kandidate sal een uur gegee word om hul partye se beleid te stel. Die vrae sal ongeveer een en 'n half uur duur en die vergadering behoort teen 10h00 klaar te wees. 'n Dinee na die vergadering is vir die kandidate, SR, SP en die pers gereël.

Die SR-voorsitter van twee jaar gelede, mnr. Piet Naudé, het met die algemene verkiesing in 1981 inligtingsvergaderings gereël. Hy het die vergaderings afsonderlik gehou en dit was goed bygewoon.

### Menings

Studente wat deur *Die Matie* genader is, was almal baie positief oor die idee van so 'n gesamentlike inligtingsvergadering.

Die volgende menings is ook gekry:

"Iets om nie te mis nie".

"Is dit nie SAAK se gebied nie?"

"Dit gaan 'n opskudding veroorsaak".

"Watter tussenverkiesing?"

## NP

**MNR. PIET MARAIS** is die Nasionale Party se kandidaat.

Na matrikulasie studeer hy verder aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy in 1953 die graad BA (Regte) en in 1958 die graad LLB behaal. Hy praktiseer vir dertien jaar as prokureur voordat hy tot die sakelewe toetree.

Hy dien reeds tien jaar op die Stadsraad van Stellenbosch en was vanaf 1978 tot 1980 die burgermeester. In 1981 het hy LRP vir Stellenbosch geword.

Sedert sy studentejare is hy aktief by die organisasie van die NP betrokke.

Mnr. Marais sê dat die Nasionale Party die werklikhede van Suid-Afrika aanvaar.

Verder moet Stellenbosch volgens hom standpunt inneem teen onpatriotiese en opportunistiese elemente in ons politieke lewe.

Stellenbosch moet ook 'n besliste uitspraak vir geregtigheid teenoor alle volksgroepe lewer.

Mnr. Marais beywer hom vir:

— Die handhawing van die beginsels van selfbeskikking oor eie sake en medeverantwoordelikheid oor gemeenskaplike sake op alle regeringsvlakke.

— Die wete dat die Blanke se reg tot selfbeskikking 'n vereiste is vir vrede, veiligheid en voorspoed.

— Die beskerming van die regte van die minderhede en die verwerping van 'n meerderheidsregering in 'n eenheidsstaat.

— Noodsaaklike hervormings en vernuwings op ekonomiese, staatkundige en maatskaplike gebied.

— Die beskerming en die behoud van morele waardes en beskaafde standaarde.

Mnr. Neels Ackermann is die NP se kandidaat vir die Provinsiale Raad.



## PFP

**MEV. DI BISHOP** is die Progressiewe Federale Party se kandidaat.

Sy is 'n oud-Matie en het die grade BA in Maatskaplike Werk en BA (Honneurs) in Maatskaplike Werk (cum laude) aan die Universiteit verwerf. Gedurende haar universiteitsloopbaan was sy 'n inwoner van Nerina en Minerva. Sy was ook 'n stigterslid van USKOR.

Mev. Bishop is tans die LPR vir Kaapstad-Tuine, waar sy onder andere by die portefeuljes biblioteke, hospitaal- en gesondheidsdienste en onderwys betrokke is. Sy is die LPR vir Kaapstad-Tuine.

In haar verklaring sê sy: "Ons wil hê dat almal in Suid-Afrika 'n veilige toekoms in ons land het. Die PFP glo dat dit slegs bereik gaan word as ons regering op geregtigheid berus en daar met die instemmeing van almal regeer word.

"Daarom glo ons in die noodsaaklikheid van 'n nuwe grondwet wat, na onderhandeling, deur verteenwoordigers van al ons 'bevolkingsgroepe' opgestel sal word.

"Ons staan vir volle en gelyke burgerregte vir alle Suid-Afrikaners sonder enige diskriminasie op grond van ras, kleur, godsdiens of geslag.


"Ons wil 'n ope gemeenskap hê waar vryheid van assosiasie sonder enige statutêre diskriminasie kan plaasvind en waar elke individu se fundamentele regte gewaarborg word deur 'n Handves van Regte wat in die grondwet verskans is. Sulke regte sal deur 'n onafhanklike regsbank gehandhaaf word.

"Die PFP glo dat 'n federale-tipe regeringstelsel aan alle Suid-Afrikaners effektiewe medeseggenskap in die regering van ons gemeenskaplike vaderland sal bied.

"Ons glo dat 'n werklike proporsionele stelsel van verteenwoordiging in die Federale Regering teweeggebring moet word."

Mev. Bishop sê: "Veiligheid word deur onderhandeling, nie deur konfrontasie nie, verseker. As ons saam 'n werkbare plan vir ons toekoms kan uitwerk, behoort die gebruik van geïnstitusionaliseerde geweld om "wet en orde" te behou nie nodig te wees nie."

Mnr. Johann Giliomee is die PFP se kandidaat vir die Provinsiale Raad.



## KP

**MNR. HERMAN KRIEL** is die Konserwatiewe Party se kandidaat.

Hy is 'n nyweraar in Bellville en woon in die Strand. Hy het aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Mnr. Kriel was twee jaar lank heeltydse organiseerder van die Nasionale Party in Natal.

Mnr. Kriel sê dat die Konserwatiewe Party gestig is nadat die Nasionale Party skielik magsdeling en gemengde regering as sy nuwe beleid aanvaar het.

Die Party verwerp die Regering se planne om Kleurlinge en Indiërs as Ministers in 'n gemengde kabinet aan te stel om oor Blankes te regeer.

Die Konserwatiewe Party staan onwrikbaar by afsonderlike ontwikkeling.

Mnr. Kriel en die Konserwatiewe Party beywer hulle vir:

— Volle selfbeskikking aan elke volk. Blank, Kleurling, Indiër en die onderskeie Swart volke regeer hulself in hul eie gebied.

— 'n Christelik-nasionale leefwyse en regering gegrond op die Bybel.

— Christelike-nasionale onderwys.

— Afsonderlike woongebiede, fasiliteite, skole, ontspanningsruimte ens.

— 'n Vrye demokratiese Republiek met 'n soewereine Blanke parlement.

Mnr. Johan Greyling is die KP se kandidaat vir die Provinsiale Raad.



## NRP

**MNR. GERRIT VAN DER MERWE** is die Nuwe Republiek-Party se kandidaat.

Mnr. Van der Merwe (31), tans 'n vooraanstaande boer van Citrusdal, is 'n oud-Matie en het in 1974 die graad B. Landbou (Honneurs) verwerf. Hy was huiskomiteelid van Wilgenhof en is 'n bestuurslid van die oud-Matiebond op Citrusdal.

Mnr. Van der Merwe en sy Party veg die Stellenbosch-tussenverkiesing, omdat hulle aan positiewe hervorming deur middel van hul federale/konfederale beleid vir Suid-Afrika wat op hierdie 5 beginsels berus, glo:

— Die opstel van 'n konstitusie vir Suid-Afrika deur al die bevolkingsgroepe in die land.

— Gesamentlike besluitneming deur al die verskillende bevolkingsgroepe in een parlement oor sake van gemeenskaplike belang soos Verdediging, Buitelandse Sake ens.

— Die selfbeskikkings reg van elke bevolkingsgroep oor sy eie intieme sake soos taal, kultuur, gewoontes ens, om sodoende te verseker dat oorheersing van een groep oor die ander nie sal plaasvind nie.

— Die maksimum desentralisasie van gesag na die laags moontlike vlak van regering, met ander woorde na plaaslike owerhede, om sodoende besluitneming in die grootste mate moontlik terug te bring na die burgers van Suid-Afrika.

— Die afskaffing van kwetsende diskriminerende wette soos die ontugwet, die wet op gemengde huwelike, woonbuurtskeiding ens.

Mnr. Charles Boonzaaier is die NRP se kandidaat vir die Provinsiale Raad.

# *"St'bosch is 'n gesogte setel"*

**DIE komende tussenverkiesing op Stellenbosch word met groot belangstelling dopgehou. Stellenbosch is die enigste kiesafdeling wat deur vier politieke partye betwis word.**

Volgens die *Weekend Argus* van 2 Oktober is Stellenbosch 'n prestige akademiese kiesafdeling wat nog altyd deur die vernaamste politieke partye as 'n hoë prioriteitsetel beskou is.

As rede hiervoor het *The Argus* die ou gesegde "waar Stellenbosch vandag staan, staan Suid-Afrika môre" aangehaal. Die gesegde kan gesteun word daardeur dat 70% van die kiesers studente is en dat ses van Suid-Afrika se agt premiers sedert Uniewording op Stellenbosch gestudeer het. Dit sluit generaal Smuts in en generaal Louis Botha en mnr. P.W. Botha uit.

Die Staatsleer-departement het in 'n opname onder studente vroeër vanjaar gevind die meerderheid die Progressiewe Federale Party se beleid steun.

Cobwebs
Juweliersware
Liebermann-breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique: Wynvate en Geelhout-wynrakke.

HAUM
DIE STUDENT SE BOEKWINKEL
TRUSTBANKGEBOU
ANDRINGASTRAAT
STELLENBOSCH 7600
POSBUS 343
TEL. 70315

*OIDIPUS:*

# Drama-tweedejaars beïndruk met Seneca-tragedie

*OIDIPUS VAN SENECA* **verwerk deur Ted Hughes. Vertaling: Noël Roos, Libé Ferreira en Johann van Heerden. Met Albert Maritz (Oidipus), Libé Ferreira (Jokasta), Belinda Richardson (Kreon) en Antoinette Pienaar, Nicola van der Walt, Trudi Huskisson, Michelle Alberts, Isodora Verwey en Ilze Swanepoel. Regie: Noël Roos.**

Oidipus, 'n Griekse troonopvolger, vermoor sy vader en trou met sy moeder en boet vir sy dade deurdat sy oë uitgeruk word.

Dié tragedie van Seneca is deur die tweedejaar-dramastudente opgevoer, met Albert Maritz as Oidipus en Libé Ferreira as sy moeder, Jokasta. Vertaal deur Noël Roos, Libé Ferreira en Johann van Heerden, het dié suiwer, eg Afrikaanse taalgebruik geen afbreuk gedoen aan die ryk Griekse beeldspraak nie.

Na onheilspellende inleidende tromslae, is die gehoor stap vir stap by die ontvouing van 'n patetiese intrige betrek. Tipies aan Seneca, voer die sentrale temas van pes, dood, stank en veral bloed, die botoon. Die afgryslikheid van die teks waaraan die gehoor blootgestel is, is egter as agtergrond vir die mistieke onderliggende bewustheid van kwaad, gepas.

deur
**Stefanie Hefer**

In sy "Oidipus", blyk Seneca geïnteresseerd te wees in die uitbeelding van 'n tiran wat vir sy mense 'n vloek was en wat self behep was met 'n voorgevoel van sy eie ontsettende skuld. Dié tiran wat onbewustelik 'n koning vermoor en sy koninkryk en vrou oorneem, se land word geteister deur elke moontlike plaag en pes. Die Orakel van Delphi word om hulp gevra, en die antwoord is dat die moordenaar van die koning moet boet.

Die tiran, wat op daardie stadium onbewus van sy werklike oorsprong en identiteit was, laat geen steen onaangeraak om die moordenaar te vind nie. Die tragiek is daarin geleë dat almal behalwe Oidipus bewus is van die absurde situasie waarin hy hom bevind. 'n Baie kragtige toneel volg by die opwekking van die vermoorde koning uit die dode, waartydens Seneca kommentaar op die verwronge liefdesverhouding deur die ontdekking van 'n fetus op 'n abnormale plek binne een van die offerdiere lewer. Die ontdekking van die deurmekaar ingewande van die diere is op oortuigende wyse deur Manto (Nicola van der Walt) vertolk. Die tiran word op onverklaarbare wyse deur die vermoorde koning as die koning se moordenaar en seun uitgewys!

Hierna word die gehoor deur die waansinnige opdiep van sy verlede meegesleur, om uiteindelik net te besef dat hy werklik 'n vervreemde seun van die koning is en dus nou met sy moeder getroud is.

Oidipus word vervul met self-afsku en -haat en kies ten slotte die noodlot. Hierin lê die universaliteit van die stuk, nl. dat kwaad noodwendig ingehaal en veroordeel word.

Hoewel die Griekse drama sentreer om die krag van die woord eerder as die daad en dekor, skakel die kostuums en dekor perfek by die tragiese milieu in. Dit versterk die gehoor se betrokkenheid by die tragedie eerder as om die aandag af te trek. Die danse en retoriese sang skakel goed by die mitiese atmosfeer in. Die ooggetuie-vertolkings van die gebeure, eerder as die poging tot die uitbeelding van grusaamhede, is baie treffend toegepas.

Die puik regie deur Noël Roos en goeie spel deur die studente het van dié drama 'n moderne sukses gemaak.



OIDIPUS van Seneca is deur die dramastudente opgevoer. V.l.n.r. op die foto verskyn Nicola van der Walt, Libé Ferreira, Ilze Swanepoel, Michelle Alberts, Trudi Huskisson, Isadora Verwey en Albert Maritz (reg voor).



DIE nuwe USAT-komitee het hulle planne vir die 1983-termyn bekend gemaak.

**USAT:**

# *Groot dinge word vir 1983-termyn beplan*

DIE nuwe USAT komitee het hulle planne vir die volgende termyn bekend gemaak.

Reëlings vir die Dramafees in Maart 1983 is nou al begin. Daar sal probeer word om die Dramafees tot 'n nog hoër standaard uit te bou. Daar gaan meer aandag gegee word aan stukke wat deur studente geskryf is.

Studente wat daarin belangstel om stukke te skryf het die geleentheid om tydens die Desembervakansie daaraan te werk. 'n Kontantprys sal aan die beste geskrewe stuk en aan die koshuis wat die wenstuk inskryf, gegee word. Daar sal nog vanjaar inligtingstukke aan alle betrokke partye uitgestuur word.

Dames- en manskoshuise en verenigings kan stukke inskryf en daar word in die rigting van meer as een stuk per koshuis gewerk. Privaatinskrywings is ook welkom. Die Dramafees bied aan jong skrywers, spelers en regisseurs die geleentheid om hulle talente te ontwikkel. USAT sal vroeg volgende jaar werkswinkels onder leiding van professionele mense aanbied om die studente met die skryf en regie van hul stukke te help. Afhangende van die standaard van die stukke, mag hulle dalk vir die Nasionale Studente Dramafees te Grahamstad ingeskryf word.

USAT sal graag die Dramafees volgende jaar as 'n "teater-in-die-rondte" wil aanbied.

Nuwe projekte soos straatteaters, middageteprogramme en teaterbesoeke word deur USAT beplan om 'n opbloei in studentedrama te stimuleer.

Enige belangstellendes kan verdere inligting by die USAT kantoor in die Neelsie verkry.

# Selfkykery is indrukwekkend

**VEERTIG Suid-Afrikaanse kunstenaars neem tans aan 'n nasionale tentoonstelling van selfportrette in die Kunsmuseum van die Universiteit van Stellenbosch deel.**

Die tentoonstelling verteenwoordig 'n wye verskeidenheid aanlope, wat van baie vry en abstrakte tot die strenger foto-realistiese styl wissel. Die selfbeeld van Lola Audrey Frost is 'n voorbeeld van so 'n foto-realistiese werk.

Dit is interessant dat die kunstenaars se onderskeie werksituasies dikwels in hul keuse van medium of beeldvorming na vore tree. 'n Voorbeeld hiervan is die selfbeeld van Stefan Coetzer, lektor in Fotografie aan die Universiteit van Stellenbosch. Daarbenewens tree die algemene lewensbeskouing van die kunstenaar ook dikwels sterk in sy selfportret na vore. Dit is duidelik dat die werk as 'n openbaring van die self ná 'n deeglike ondersoek van die self ontwikkel het.

**René Hayter**



'n GEDEELTE van 'n foto-realistiese selfportret van Lola Audrey Frost. Die styl op die tentoonstelling wissel van foto-realisties tot avant-garde (en êrens tussenin!)

## Jammer

DIE profiel met André le Roux du Toit is deur Stefanie Hefer geskryf en nie deur Jennie Johnson, soos in die vorige *Matie* vermeld is nie.

**BELANGRIK**
**ALLE STUDENTE**
**Oktober 1982**

- Inname van gebruikte akademiese boeke vir herverkoop aan die begin van die 1983-akademiese jaar.
- Maak seker dat u alle geld vir boeke wat die afgelope jaar deur ons op kommissiebasis verkoop is, kom afhaal voor u die kampus verlaat.

**GRIET SE AKADEMIESE BOEKHANDEL**
H/V ANDRINGA- EN VICTORIASTRATE
STELLENBOSCH
TEL. 70712.

# *Uitvoerproduk is nou hier*

DIE Universiteitskoor het Saterdagaand 9 Oktober in die Endlersaal opgetree tydens die gebruiklike jaarlikse studentekonsert.

Dit was beslis die moeite werd om na die koor te gaan luister.

Die program het met 'n aantal gewyde werke, o.a. van Orlando da Lasso, Homilius en Bach begin. Homilius se *Onse Vader* is 'n besondere verwerking wat 'n mens nie dikwels hoor nie. Vir die romantici was daar Brahams se *Liebeslieder Walzer*. In 'n Israelse volksliedjie het Belinda Richardson as die solis die Hebreeuse woorde en musiek vertolk. Met die koor as agtergrond het die nomadiese atmosfeer van die liedjie, *Hine Ma-tov*, 'n skerp indruk gelaat.

Eie Afrikaanse liedjies het almal weer laat tuis voel en Arnold van Wyk se nuwe koorkomposisie, *Aanspraak virrie Latenstyd*, is gevoelvol deur die koor gesing. Dit het uit verwerkings van Boerneefgedigte bestaan.

Die koor tree op 16 Oktober weer in die Endlersaal vir die Stellenbosse publiek op.

**Willem de Vos**

# Kunskalender

**U.S. KUNSMUSEUM**
Tentoonstelling van selfportrette deur veertig Suid-Afrikaanse kunstenaars.

**EDRICH-KUNSLOKAAL**
18.10.1982: Tentoonstelling van Persiese tapyte.

**H.B. THOM-TEATER**
15.10.1982: *'n Midsomersnagdroom*, 'n ballet gegrond op die komedie van William Shakespeare.

**NICO MALAN: TEATER**
22.10.—6.11.1982: *Rude Noises* (Russel Savadier en Neil McCarthy) met Russel Savadier, Christo Potgieter, Marié Human. Musiek: Debbie Ian. Regisseur: Russel Savadier.

**NICO MALAN: MUSIEK**
23.10.—20.11.1982: *The King and I*, met Michael McGovern as die Koning en Aviva Pelham as Anna Leonowens. Regie en opvoering: David Matheson.

**BAXTER: TEATER**
21.10.—6.11.1982: *Quartermaine's Terms* (Simon Gray) met Richard Haines, Wilson Dunster, Yvonne Banning, Bobby Heavy. Regie: Nikolas Simmonds.

**BAXTER: KONSERTSAAL**
16.10.1982: *Music is Fun.*
14.10.1982: *Appaloosa.*
27.10.1982: SACM: *Soldier's Tale*, van Stravinsky. Regie: Lamar Crowson.

**BAXTER: STUDIO**
Tot 23.10.1982: *Madame Butterfly*, die oorspronklike toneelstuk, en *A Sunny Morning*. REgie: Richard Haines.

**U.S. KONSERVATORIUM ENDLERSAAL**
19.10.1982: Die vooraanstaande Franse violis Régis Pasquier met Lamar Crowson (klavier).

**U.S. KONSERVATORIUM SONDAGAANDUITVOE-**

**RINGS**
17.10.1982: Musiek vir Blaasinstrumente — 'n program onder leiding van Oliver de Groote.
24.10.1982: Die U.S. Strykensemble onder leiding van David Tidboald met altvioolsolis Eric Rycroft.
31.10.1982: Die Konservatorium-dameskoor onder leiding van Acama Fick.

**CINE 1**
11.10.—16.10.1982: *The Soldier* met Ken Wahl en Klaus Kinski.
16.10.1982: *Game of Death Part II* met Bruce Lee.
18.10.—20.10.1982: *Carry on Dick* met Sidney James en Barbara Windsor.
21.10.—23.10.1982: *Seduction* met Morgan Fairchild en Michael Sarrazin.
23.10.1982: *The Lady and the Tramp.*
25.10.—27.10.1982: *On Golden Pond* met Henry Fonda, Jane Fonda en Katherine Hepburn.
25.10.—30.10.1982: *I, the Jury* met Armand Assante en Barbara Carrera.
30.10.1982: *Night Rider.*

**CINE 2**
11.10.—16.10.1982: *Death Trap* met Michael Caine en Dyan Cannon.
14.10.—16.10.1982: *Ace High* met Eli Wallach.
18.10.—19.10.1982: *Quest for Fire* met Ron Perlman en Everette McGill.
20.10.—23.10.1982: *The Man with the Deadly Lens* met Sean Connery en Katherine Ross.
25.10.—27.10.1982: *The Last Metro* met Catherine Deneuve en Gerard Depardieu.
28.10.—30.10.1982: *Wife mistress* met Marcello Mastroianni.
28.10.—30.10.1982: *A Funny thing happened on the way to the forum.*



DÍE leermeester, D.J. Opperman gesels met een van sy bekendste studente, Lina Spies.

**PROF. D.J. OPPERMAN het op 29 September agt en sestig jaar oud geword. Stellenbosch vereer hom nie net vir sy reusagtige bydrae tot die Afrikaanse letterkunde nie, maar ook vir die lang tydperk van sy lewe wat hy as hoogleraar in die letterkunde aan die Universiteit geslyt het.**

# Opperman is digter én leermeester

PROF. D.J. OPPERMAN is oortuig daarvan dat geen kunsvorm kan floreer as daar nie iemand is om die jongeling te lei nie. Vir twintig jaar het hy hom aan die taak gewy.

In die gedig "Denneboom" skryf hy oor hierdie ervaring:

*Ek wat die Suidoos moes uitdaag,*
*die sterre, wolke, kolle van die son,*
*soute en vogte van die aarde, laag op laag,*
*in geslote keëls van harpuis laat stol,*
*word vir tamatiekissies opgesaag.*

In die woord "tamatiekissies" is daar 'n duidelike eggo van Maties en die opoffering wat dit as digter gekos het om jongelinge te leer kom na vore.

D.J. Opperman het in 1960 'n professoraat aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar en ook in daardie jaar die Letterkundige Laboratorium vir die opleiding van skrywers in Afrikaans begin.

Hierdie leerskool is enig in sy soort in Suid-Afrika en het al 'n aantal van Afrikaans se belangrikste moderne digters opgelei. Baie mense sien dit as 'n skool waar digters gemaak word maar dit is tog duidelik dat geen mens 'n digter kan maak nie. 'n Digter, soos enige ander beoefenaar van die kuns, het oefening nodig. D.J. Opperman het die visie gehad om so 'n oefenskool daar te stel. 'n Kunstenaar in die letterkunde kan homself wel ontwikkel deur te lees, maar Opperman het die geleentheid geskep vir digters om nie net teorie te leer nie, maar ook in 'n atmosfeer van kreatiwiteit te skryf. Hy het van homself gegee in hierdie leerskool. Oud-studente van hom besef die invloed van sy kreatiwiteit ten volle.

**PROFIEL**
**deur**
**Jennie Johnson**

In gesprekke met digters wat Opperman gelei het, kom 'n mens iets van die mens agter die leermeester agter. Antjie Krogh vertel hoe hy haar van die Vrystaat laat kom het voor die publikasie van haar jongste bundel, *Otters in bronslaai.* Sy moes een hele nag spandeer in die oorskryf van een reël van 'n gedig. Toe die dag breek, het sy die oplossing gevind. Toe sy buite die kamer kom het sy gevind dat Opperman die hele nag geduldig opgewag het tot sy die resultaat vir hom kon bring. Sy was eers ontsteld dat hy van haar kon verwag om die hele nag aan die reël te werk. Toe hulle later saam langs die rivier stap, het sy besef dat hierdie man met sy grys kop en flinke stappie vir haar geleer het dat 'n digter moet werk.

Lina Spies voel dat 'n leerling 'n leermeester meer nodig het as 'n leerboek. Sy kan met sekerheid sê dat sy nie vandag sou wees waar sy is as dit nie vir Opperman was nie. Sy het aan die begin van die jaar die Letterkundige Laboratorium oorgeneem en dit is vir haar 'n uitdaging om dit spesiaal te hou.

Daar word soms beweer dat Opperman van sy kreatiwiteit moes inboet in die tyd wat hy by die Universiteit betrokke was. Dit is insiggewend dat sy grootste bundel, *Engel uit die klip* verskyn het voor 1960. Die tydperk van 1960 tot 1979, toe *Komas uit 'n Bamboesstok* verskyn het, toon 'n definitiewe insinking in sy oevre.

Mimi Coertze het eenkeer gesê dat 'n loopbaan in die kunste twintig jaar van jou lewe eis. Opperman was vir twintig jaar van sy lewe verbonde aan die Universiteit. Ons vereer prof. D.J. Opperman vir die opoffering wat hy gemaak het om die Afrikaanse letterkunde te verryk deur die opleiding van jong digters.

# *Skone kunste-kursus word beplan vir US-departement*

"'n KUNSDEPARTEMENT sonder 'n skone kunste-kursus is soos 'n musiekdepartement wat alleenlik musiekonderwysers en nie musikante oplei nie: of 'n dramadepartement wat verhoogbestuurders oplei, maar geen akteurs nie: of 'n wiskundedepartement wat wiskunde-onderwysers, maar nie wiskundiges oplei nie." Dit is die mening van mnr. Victor Honey van die Departement van Beeldende Kunste.

Daar is op die oomblik drie studierigtings in die Departement van Beeldende Kunste van die Universiteit van Stellenbosch. Die rigtings is al drie gerig op die toepassing van kuns vir ander verwante doeleindes, soos kunsonderwys, juweliersware- en metaalnywerheidsontwerp en die gebruik van kuns in die advertensiewese. Met hierdie drie rigtings word daar verskil van alle ander universiteite wat kunskursusse aanbied, omdat die toegepaste kunskursusse sonder 'n kernkursus in die skone kunste aangebied word.

### Struktuur

Binne die huidige struktuur is daar, buiten sekere aktiwiteite van die kunsonderwysstudente, geen direkte kontak met die kernaktiwiteit waaruit die ander vakrigtings groei en momentum vir voortsetting verkry nie. Kunsonderwysstudente kom in hul tweede jaar met beperkte skone kunste-aktiwiteite in aanraking. Sou hulle sterk daarby betrokke raak, het hulle tans geen keuse anders as om met die kunsonderwyskursus voort te gaan nie. Dit is so dat baie van die studente die kunsonderwyskursus as enigste alternatief gevolg het omdat dit die naaste aan 'n skone kunste-kursus is.

Die algemene gevoel is dat die teenwoordigheid van 'n skone kunste-kursus vir die ander rigtings en die departement as geheel van waarde sal wees. Die skone kunste se verwante aktiwiteite wat wel by die kunsonderwyskursus ingesluit word, het 'n radikale effek op die departement as geheel gehad. 'n Uitbreiding hiervan tot 'n volwaardige kursus kan 'n bron van ondersoek op die gebied van visuele kunste bied, wat die ander drie genoemde vakrigtings kan versterk en ondersteun.

Mnr. Honey voel 'n skone kunste-rigting "moet nie as 'n voorbereiding vir die kommersiële mark beskou word nie. Elke akademiese gemeenskap het die verantwoordelikheid om intellektuele en tegniese voorbereiding en stimulus vir sy kunste en kunstenaars te verskaf. Sulke voorbereiding, ook omdat dit nie alleenlik professioneel/kommersieël gerig is nie, is tradisioneel en internasionaal beskou as 'n dissipline wat deel vorm van die breë geesteswetenskappe en dus in die universiteitsgemeenskap hoort. Dit is nie net die toekomstige kunstenaar wat baat vind by sy kontak met die universiteit nie. Die kunste het 'n unieke manier om vorm en waarde te gee aan menslike ervaring, wat die soeke na kennis en betekenis insluit. So speel dit 'n vermenslikende rol in die aktiwiteite van die universiteit waarsonder ons gemeenskap armer sal wees."

Mnr. Honey voel daar moet nie bloot op die "markwaarde" van die werk van studente in die skone kunste gekonsentreer word nie. Die studente neem met hul ondersoeke aktief deel aan die sogenaamde "frontaktiwiteite" van die kunste, en het as sodanig "waarde".

Die instelling van die skone kunste-kursus behoort nie die karakter van die departement drasties te verander of te beïnvloed nie, omdat die huidige skilderkursus reeds sterk op die skone kunste ingestel is om kunsonderwysstudente van 'n lewensvatbare ervaring van hul vakgebied te voorsien. Die beoogde skone kunste-kursus sal 'n vierjarige graadkursus wees, en neem in 1983 in aanvang.

### Voordele

Prof. Larry Scully, hoof van die Departement van Beeldende Kunste, voel dat die skone kunste-kursus 'n lewendige, lewensvatbare kursus sal wees wat nie net tot voordeel van die studente nie, maar ook tot voordeel van die Universiteit van Stellenbosch en die dorp self sal strek. Hy hoop dat dié kursus tot die stigting van 'n Departement van Argitektuur aan die Universiteit sal lei om die band met die ou argitekte, Fidious en Kallikrates, te behou.

**R.J. Hayter**



'n TONEEL uit *A Midsummer Night's Dream* wat deur KRUIK opgevoer word.

# A Midsummer Night's Dream sorg vir droom-ballet in Thom

*A MIDSUMMER NIGHT'S DREAM,* 'n ballet in twee bedrywe, word op 15 Oktober in die H.B. Thom-teater aangebied. Die KRUIK-balletgeselskap is verantwoordelik vir die produksie daarvan.

Die ballet is op Shakespeare se fee-fantasie met dieselfde titel gebaseer. Felix Mendelssohn is die komponis van die musiek. Die ballet-weergawe gebruik die bymusiek van Mendelssohn, wat in 1843 vir 'n opvoering van Shakespeare se toneelstuk in Potsdam geskryf is, asook 'n aantal van sy ander komposisies.

Die ballet se choreografie is deur David Poole waargeneem. Peter Cazalet sorg vir die dekor en kostuums. Die visuele indruk wat dit skep dra baie tot die genot van dié ballet by. Die kostuums van die feë sluit by die algemene atmosfeer van die fantasie aan terwyl die bruilofsklere van die howelinge van Theseus 'n glans en rykheid aan die opvoering verleen.

Die name van sekere dansers verdien spesiale vermelding. Jack Wyngaard dans die rol van Puck. Sy tegniek is te alle tye foutloos en hy gee die onnutsigheid wat Shakespeare aan Puck oorgedra het weer.

Titania word onderskeidelik deur Phyllis Spira, Carol Kinsey en Nicolette Loxton gedans. Dit is nog nie bekend wie die rol in Stellenbosch sal vervul nie maar al drie danseresse is die moeite werd om te sien.

Die feë verdien ook spesiale vermelding. Hulle vorm 'n beheerste agtergrond vir Titania se dans maar kom ook afsonderlik hoogs professioneel voor.

Stellenbosch sien nie baie ballet nie, daarom is hierdie opvoering iets wat nie misgeloop moet word nie.

EDRICH
Graadfoto's kan nou al laat neem word.
Toga's en Bande beskikbaar.
Voorkom opeenhoping en bespreek vroegtydig.
VAN RYNEVELDSTR.
TEL. 7-1177

**Die Matie**
Donderdag, 14 Oktober 1982

# Antwoord aan AB

*DIE MATIE* vra om verskoning indien enige van die persone wat genoem is in die brief oor die Afrikaner-Broederbond (*Die Matie*, 16 September) glo dat hul persoonlike en/of akademiese integriteit op 'n onregverdige wyse aangetas is. Dit was nie die bedoeling van *Die Matie* nie.

Die brief is geplaas omdat *Die Matie* glo dit is in die openbare belang om vrylik oor die bedrywighede van 'n geheime organisasie te kan gis.

Die lid van 'n geheime organisasie verkeer in 'n dilemma sodra beweringe oor die bedrywighede van so 'n organisasie gemaak word. Hy word deur die geheime aard van die organisasie verhoed om dié beweringe as onwaar te bewys. As hy die beweringe eenvoudig ontken, sien 'n buitestaander dit dikwels as 'n skulderkenning, omdat 'n bevredigende verduideliking weens die geheimhouding nie gegee kan word nie. Die buitestaander kan nie hiervoor kwalik geneem word nie.

Niemand hoef 'n lid van 'n geheime organisasie te wees nie, maar sodra so 'n organisasie bestaan, word baie ander mense juis vanweë die eksklusiewe aard van die organisasie gedwing om buitestaanders te wees.

Die lugtigheid vir die onbekende veroorsaak dat die buitestaander die lede en aktiwiteite van die organisasie wantrou. Hierdie wantroue vervreem hom van die mense wat hy weet of vermoed lede van die organisasie is.

Dit is 'n ope vraag of die AB vanweë sy geheimsinnigheid nie baie Afrikaners van mekaar vervreem nie. Die antwoord mag dalk nie met die hoofdoel van die AB, naamlik om Afrikanereenheid te bevorder, klop nie.

# Geen Broeder

PROF. P.J. CONRADIE van die Departement van Grieks is en was nooit 'n lid van die Afrikaner-Broederbond nie.

Daar is verkeerdelik beweer in 'n brief wat in *Die Matie* van 16 September verskyn het dat hy wel lid is. *Die Matie* teken apologie aan vir dié fout.

Prof. Conradie is verwar met 'n ander prof. P.J. Conradie van die Universiteit. Lg. is volgens die bron wat die briefskrywers aanhaal 'n lid van die AB.

# Misleiding

'n SEKERE party het onlangs 'n pamflet op die kampus versprei, waarin beweer word dat die blanke kiesers van Suid-Afrika sonder apartheid 50% ryker sal wees. Dit is 'n misleidende voorstelling omdat juis apartheid die blanke se bevoorregte posisie verseker. Die uitfassering van apartheid sal van baie in Suid-Afrika groot opoffering verg.

Morele oorweginge behoort in elk geval swaarder as finansiële oorweginge te wees. Apartheid moet afgeskaf word en die verskillende rasse moet met mekaar versoen word. Sonder apartheid sal nie groter rykdom nie, maar beter rasseverhoudings moontlik wees.

'n Ander party het apartheid as 'n radikale sosiale eksperiment bestempel. Dit is 'n radikale eksperiment, 'n eksperiment wat mense as proefkonyne gebruik en hul menswaardigheid misken.

## Senior redaksie

**HOOFREDAKTEUR:** JACQUES JOUBERT, Andringastraat 37 (Tel. 74130)
**REDAKSIEKANTOOR:** Langenhovenstudentesentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332)
**BOODSKAPPE:** Sekretaresse, SR-Kantoor, LSS (Tel. 70138); Posbus nr. 20
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** DAWIE BOSCH, Louwstraat 5 (Tel. 71502)
HEINRICH MULLER, Barrystraat 23 (Tel. 4391)
**AKTUELE REDAKTEUR:** CORINNE OOSTHUIZEN, Nemesia (Tel. 71300)
**NUUSREDAKTEUR:** VAKANT
**SPORTREDAKTEUR:** DAAN DERCKSEN, Majuba (Tel. 2010)
**KUNSREDAKTEUR:** JENNIE JOHNSON, Nerina (Tel. 2018)
**SOSIALE REDAKTEUR:** G.P. KELLERMANN, Eendrag (Tel. 2135)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** VAKANT
**TAALREDAKTEURS:** ROBERT BOKHORST, Majuba (Tel. 2010), VAKANT
**HOOFFOTOGRAAF:** GRAHAM VAN HEERDEN, Louwstraat 12, Durbanville (Tel. 96-3401)
**SKAKELBESTUURDER:** ANDRÉROODT, Eendrag (Tel. 2135)
**SPOTPRENTTEKENAARS:** FRANS BASSON, Majuba; VALDI STRAUSS, Nemesia
**SEKRETARESSE:** RINA VAN RENSBURG, Huis de Villiers
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** Finlay Taylor en Karen Joubert
**SUB-REDAKTEURS, SPORT:** Dawie Malan en André Duvenhage
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** Cobus Smit
**SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL:** Doria Joubert
**SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR:** Helet Herholdt

Alle Politieke berigte is geskryf deur: C. Knipe, M. Hattingh, D. Snyman, K. Joubert en A. Myburgh. Dit is taalkundig versorg en van opskrifte voorsien deur R. Bokhorst, C. Oosthuizen en J. Joubert. *Die Matie, Posbus 20, LSS, Stellenbosch.*




VOORSITTER:

# *Karnaval '83 gaan stroombelyn wees*

**Matie-Gesprek**

CORINNE OOSTHUIZEN gesels met



JOHAN BELL

KARNAVAL '83 (of Kineval!) is om die draai en die karnavalkomitee is hard aan die ronhardloop met die reëlings. *Die Matie* het Johan Bell, karnavalvoorsitter en 'n regstudent in sy tweede jaar uitgevra oor sy planne en 'n paar ander sake rondom Karnaval.

**Wat is die doel van Karnaval?**

Dit is tweeledig. Aan die een kant wil jy geld insamel en aan die ander kant 'n plesierige atmosfeer skep waar studente hulself kan geniet. Daar moet 'n goeie balans gehandhaaf word tussen dié twee.

**Wat was jou spesifieke doelstellings toe jy aansoek gedoen het vir Karnavalvoorsitter?**

Mense doen aanvanklik aansoek vir die Karnavalkomitee vir eie gewin, om ondervinding op te doen. Soos jy meer betrokke raak by Karnaval, begin jy meer besef waaroor dit gaan — dat daar werklik 'n behoefte is aan gemeenskapsdiens. Hy besef dat jy besig is om geld in te samel vir mense wat minder bevoorreg is. Dít word dan jou doelstellings.

### Komitee

Die hele Karnavalkomitee het uitgery na Scottsdene en gaan kyk hoe die mense daar bly. So kry jy 'n idee van waarom Karnaval suksesvol moet wees.

### Bewustheid

**Wat sal gebeur met die bewustheid van dié dinge as 'n voorsitter se termyn verby is?**

Dit gebeur dat 'n voorsitter kan besluit dat wanneer sy termyn verby is, hy klaar is met studenteaktiwiteite, dat hy sy bydrae gelewer het. Maar soos hy verder werk word dit vir hom werklik 'n saak van beginsel dat hy die saak vir die behoeftes waarin Karnaval voorsien verder dra.

**Wat sien jy as die rol van USKOR?**

Dit is iets wat ook op die Nasionale Joolkongres ter sprake gekom het.

Ek dink dat USKOR nie 'n liefdadigheidsorganisasie moet wees nie, maar 'n welsynsorganisasie. Dié onderskeid is baie belangrik. Ons mikpunt moet wees om die hulpbehoewende mense te help om hulself te help.

### USKOR

**Hoeveel van die geld wat tydens Karnaval ingesamel word, gaan aan USKOR?**

Alles. Ons het 'n reglementêre verpligting teenoor USKOR om 100% van ons wins aan hulle te gee.

**Wat dink jy van die wyse waarop USKOR se geld tans aangewend word?**

Ek dink dit is baie goed. Daar is baie bekwame mense in die personeel en bestuur van USKOR.

**Het jy enige spesifieke doelstellings vir Karnaval '83?**

In die 81/82 termyn het Karnaval sy hoogtepunt bereik t.o.v. grootte en omset. Ons wil hulle program neem en dit operasionaliseer, dit stroombelyn. Ons wil m.a.w. die dinge wat goed gewerk het uitbrei en ander wat minder suksesvol was skrap. Karnaval '83 sal waarskynlik daarom baie kleiner wees.

### Sukses

**Wat was spesifiek suksesvol?**

Wel, bv. 'Maties Day at the Races' en die Karnavalmeesters, wat ons geweldig wil uitbrei.

### Nuut

**Het julle enige nuwe planne?**

Op hierdie stadium nie definitief nie. Ons wil bv. 'n filmspremière hou. Daar sal wel baie vernuwing in werksmetodes wees, bv. deur die aanskaffing van 'n rekenaar.

### Manier

**Dink jy dat die huidige manier waarop Karnaval geld insamel oor die algemeen die beste is, veral in die lig van die groot hoeveelheid geld wat teruggeploeg word in die vlotbouery terwyl relatief min geld deur die optog ingesamel word?**

Dit is waar dat t.o.v. die optog dit lyk asof daar 'n wanbalans is. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat jy die twee aspekte van Karnaval nie van mekaar kan losmaak nie. Dit is nou geldinsameling aan die een kant en 'n geleentheid vir pret en plesier aan die ander kant. Die een kan nie sonder die ander nie.

### Hoogtepunt

Baie mense sien ook die optog deur die strate as die hoogtepunt van karnaval. Dit rond as 't ware die Karnavalgebeure af.

As 'n mens die noodsaaklikheid van 'n balans tussen dié twee faktore in gedagte hou, sal ek tog sê dat die manier waarop Karnaval tans geld insamel, amper die suksesvolste is.

**Wat dink jy van die drankmisbruik rondom Karnaval?**

Ek dink 'n mens moet eers gaan kyk wanneer die studente drink. Hulle maak oor die algemeen van enige geleentheid gebruik om drank te gebruik: Intervarsity, eksamentyd, einde van 'n kwartaal ens., met ander woorde nie net tydens Karnaval nie. Dat dit wel gebeur dink ek is baie jammer.

### Drank

**Is daar 'n wyse waarop julle dit gaan probeer verhoed?**


Ten opsigte van Karnavalfunksies soos die bierfees sal 'n mens 'n maksimum kwota per student daar moet stel. Jy sal ook moet keer dat drank by plekke ingesmokkel word.

### Samewerking

**Hoe is julle samewerking met die SR en Administrasie?**

Baie goed. Die SR-lid vir Karnaval is die vorige Karnavalvoorsitter. Hy het dus insig in die hoeveelheid en tipe werk wat die Karnavalkomitee moet hanteer en kan ons saak beter stel.

Personeel van Administrasie, asook die Rektor en Vise-Rektor is almal baie toeganklik.



DIE Engelse kerke se kritiek op die apartheidstelsel is nie voldoende nie, omdat hulle dit nie altyd in die praktyk toepas nie, het dr. Charles Villa Vicencio op Polstu se onlangse vergadering gesê.

KERK EN POLITIEK:

# Eerlike ondersoek is nou vir almal nodig

DIE Engelse kerke, Afrikaanse verligtes en Engelse liberaliste is nie van alle blaam onthef nie. Hulle kritiek op die apartheidstelsel is nie voldoende nie omdat hulle dit nie altyd in die praktyk toepas nie. Dit het dr. C. Villa-Vicencio Sondagaand, 10 Oktober, op Polstu-Stellenbosch se vergadering met die tema: Kerk en Politiek: Nuwe Situasie na Ottowa, in die Sanlamsaal van die Studentesentrum gesê.

Dr. C. Villa-Vicencio (Godsdiensstudie UK, Metodiste Kerk) het gesê dat die Engelse kerke jare reeds die NG-Kerk kritiseer oor hulle ondersteuning van apartheid. Hulle het egter die knoop nooit deurgehaak nie. Die NG Sendingkerk het by Ottowa kritiek in dade omgeskep. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se felle kritiek oor die jare heen het nooit vrugte afgewerp nie, omdat die liggaam nie genoeg geloofwaardigheid by baie mense in Suid-Afrika het nie.

Behalwe die drie Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerke, is konsensus nou onder alle Christene in Suid-Afrika dat apartheid kettery is bereik. Dié Christene moet die swart mense ondersteun in hulle strewe na vryheid. Een mens een stem is vir baie persone die antwoord op die probleme in Suid-Afrika.

Die klem van die bespreking het geval op die vraag hoe die verhoudinge tussen die kerk van die NG-familie in die toekoms kan ontwikkel en watter probleme èn moontlikhede 'n moontlik geïntegreerde kerk in die toekoms sal oplewer. Daar is ook gepoog om in die loop van die bespreking verskeie vrae aan die orde te stel.

Prof. Bernard Lategan (Departement van Bybelkunde US., NG Kerk), wat die bespreking geopen het, het gesê dat die besluite van die Ottowa-konferensie 'n hele verskuiwing in die rol van die kerk teweeg gebring het. Verskeie kontradiksies ten opsigte van die rol van die kerk in die samelewing is egter knelvrae. Eerstens, moet die kerk samebindend en behoudend optree, of moet dit op die voorpunt van strydpunte waak? Ten tweede, tot watter mate moet die Kerk solidêr wees met die mense en tot watter mate moet sy 'n kritiese afstand behou, veral in die lig daarvan dat die kerk 'n spreekbuis geword het vir die swart gemeenskap? Laastens, in watter opsig is die kerk 'n saambindende versoenende mag of 'n verdelende faktor? 'n Belangrike vraag wat volgens hom ook gevra moet word, is hoe Christelik Suid-Afrika werklik is.



DR. SMIT, links en prof. Cloete.

Dr. Dirkie Smit (Teologiese Fakulteit UWK, ondertekenaar van die Ope Brief 1982) het oor die Christelike aanvaarbaarheid van burgerlike ongehoorsaamheid gesê dat die Gereformeerde tradisie nog altyd toegelaat het dat die staat verontagsaam word as daar gekies moet word tussen dit wat God voorskryf en dit wat deur die mens voorgeskryf word. In hierdie besluit moet die mens met sekerheid deur die Heilige Gees gelei word.

Prof Daan Cloete (Teologiese Fakulteit UWK, NG Sendingkerk) het uitgewys dat die Sendingkerk, na die belydenis wat op die Sinode geformuleer is, ook 'n kritiese funksie ten opsigte van haarself moet hê. Haar bande met die NG-kerk is nou ook in gedrang, en dit het 'n besliste nuwe agenda vir gesprek tussen die twee kerke daar gestel. 'n Groot verantwoordelikheid en volwassenheid het volgens hom by die Sendingkerk ingetree. Dié kerk sal ook haar etiket van Kleurlingkerk moet verloor en 'n ware ope kerk moet word.

Prof. Bernard Combrink het gesê dat die NG-Kerk haarself moet oopstel. Slegs geloof moet as kriterium dien vir toegang tot die kerk. Die NG-Kerk moet ook openlik verklaar dat rassisme sonde is. Die NG-Kerk moet opreg luister na die kritiek wat teen haar ingebring word deur die Sendingkerk.

Daar moet nie net met die Sendingkerk in gesprek getree word nie, maar ook met die Engelse kerke, sodat daar besin kan word oor hoe die Kerke van Christus in hierdie land moet saamwerk tot versoening.



DR. VILLA-VICENCIO maak 'n punt.

# Alle vroue is nou me. in *Die Matie*

FEMINISME is besig om ons in te haal. Soms vererger dit dinge, soos met mans se ego's wat al meer in die slag bly, soms vergemaklik dit dinge, soos met die gebruik van titels.

Vroue is al die jare nog òf as *mej.* òf as *mev.* beskryf. Selfs al was 'n vrou reeds vyftig en die besturende direkteur van 'n groot firma — as sy ongetroud was, was sy *mej.*

Met die opkoms van die feminisme en met al meer vroue in die beroepswêreld het 'n nuwe titel sy kop uitgesteek: die Engelse *Ms*, in plaas van *Miss* of *Mrs*. Dié titel het hier en daar in koerante verskyn, maar dit is nog glad nie 'n algemene verskynsel nie.

Getrou aan sy tradisie van progressiwiteit, het *Die Matie* besluit om ook op die gebied van die taal die leiding te neem. Alle lede van die vroulike geslag sal voortaan as *me.*, die Afrikaanse ekwivalent van *Ms*, bekend staan.

*Me.* is selfs minder algemeen as *Ms*, maar *Die Matie* dink dis hoog tyd dat 'n vrou nie meer betitel sal word op grond van die feit of sy 'n man het of nie.

Al probleem wat nou nog oorbly, is hoe ons haar gaan aanspreek. Enige voorstelle?

As u dus in die toekoms *me.* in *Die Matie* raakloop: dis nie 'n spel- of drukfout nie. Dis soos ons dit wil hê.

# *Lentedag dalk klasvry?*

'n MOSIE waarin die afskaffing van formele lesings op lentedag gevra word, is eenparig deur die Studenteparlement aanvaar. Die voorsteller van die mosie, mnr Leon Foot, sê daar kan maklik voor of na die vakansie 'n dag ingewerk word. Daar was groot ontevredenheid vanjaar omdat die feesfieringe op die laaste oomblik deur die vise-Rektor verbied is. As die mosie ook deur Administrasie aanvaar word, sal ander aktiwiteite, soos die jaarlikse interkoshuis-binnebandresies, ook op hierdie dag gehou kan word.

# US-leiers kritiseer apartheid by YLF

'n PAAR Stellenbosse studenteleiers het erken dat apartheid so 'n inherente deel van die Afrikanerkultuur is dat dit verandering in Suid-Afrika verhoed.

Dit was 'n gevolgtrekking wat op verskeie standpunte van swart-, bruin- en blanke studente tydens 'n konferensie die afgelope naweek gevolg het. Die konferensie was deel van die Youth Leadership Forum (YLF), 'n jeugorganisasie wat prof. Robert Tusenius van Stellenbosch geïnisieer het. YLF beoog die ontwikkeling van leierseienskappe onder die Suid-Afrikaanse jeug van alle rassegroepe, sodat hulle aktief in die skep van 'n beter en regverdiger Suid-Afrika betrokke sal wees.

Studente van Fort Hare, Soweto, Mamelodi, die Universiteit van Wes-Kaapland en Stellenbosch, asook SP- en SR-lede, het oor 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse patriotisme gepraat. Hoewel almal patriotisme as liefde, lojaliteit en trots teenoor hul land beskou het, is gemerk dat swartmense patriotisme anders as blankes ervaar. Swart studente het dit aan hul gebrek aan burgerskap toegeskryf, terwyl blankes wel burgerskap geniet. Volgens 'n Stellenbosser moes patriotisme van die wedersydse begrip vir mekaar uitgaan. Ander het opgemerk dat hindernisse wat veroorsaak dat mense oor patriotisme verskil, verwyder moes word.

Die rol van die linkse en regse radikales in die verandering van Suid-Afrika is bespreek. Almal het regse radikalisme verwerp, maar verskeie swart studente het gesê dat frustrasie onder hulle mense toeneem en dat linkse radikalisme 'n groot werklikheid kan word.

Baie glo dat die Suid-Afrikaanse politieke situasie deur geweld onderhou en net deur geweld verander kan word.

Almal het saamgestem dat die meerderheid van die bevolking wat nog oor die politieke situasie swyg, tot doelbewuste optrede oortuig moes word.

Hoewel agtergrondsverskille en etnisiteit erken is, het verskeie studente gesê dat daar meer faktore is wat verskillende mense verenig as verdeel en dat 'n gemeenskaplike toekoms hierop uitgewerk moet word. Die swartmense het erken dat hulle etnisiteit nie ernstig opneem nie en dat die regering dit oorbeklemtoon om hulle onderling te verdeel.

Die Stellenbossers het almal erken dat hulle oë oopgegaan het. Hulle kon leer uit sommige standpunte en die getuienisse van swartmense oor hul daaglikse ervaringe. 'n SR-lid het gesê hy was nie bewus wat swartmense elke dag ervaar nie omdat dit hom nie persoonlik raak nie.

**Annami Oosthuysen**

# Politiek en Kroniek van G.A. Thoonissen

BROERS, broers, vergeet Filos Frisou sy omgewing terwyl hy die Sanctum Retoricum toespreek. Broers, dis Verkiesing hier op Ons Plek. En ter wille van ons image van neutraliteit (nudge nudge wink wink) gaan ons alvier partye se vergaderings bywoon.

Nottendêm, skree iemand van Regs, ek sit nie met kommieniste en progge en ander heidene onder dieselfde dak nie. Ek is 'n Party-man en wat van ons identiteit en ons volkseie en ons roeping hier aan die suidpunt van blank-Suid-Afrika as ons nou toegee onder druk van die buiteland en die hotnots en. . . .

Maar G.A. Thoonissen het spoedig 'n passer in die ou se teerder anatomie gedruk en gesê druk 'n prop in sy bek en komonswaai. Dankbaar vir hierdie strategiese steun lei Filos toe die Sanctum Retoricum na die vergadering van Peeweebee.

Dié was toe so 'n kragdadige spulletjie dat die tengere Kôna Verder bang agter Saam Harekam se breë regterskouer weggekruip het. En selfs af en toe vir die effek fyntjies gesnik het. Filos het wyslik besluit dat hulle nie langer moet bly nie en onder die uiterste druk (glo selfs 'n dreigement van Optrede) is hulle daar uit.

Met dié land hulle toe by die NRP (Nie Relevante Ploeteraars) se vergadering. Daar het hulle lustig tussen die leë stoele wegkruipertjie en aan-aan gespeel tot met die mosie van vertroue. Dié is toe met 7 stemme teen 2 aanvaar. En dertien bedorwe stemme. Want die hele Sanctum Retoricum was op hierdie vrolike stadion besig met 'n push-up kompetisie op die galery. Daar van bo af het hulle almal gestem vir Allan Boesak maar soos gesê was dit mos bedorwe.

By die vergadering van Daai Antie het hulle gewag vir die sprekers. En gewag. Tot die nuus gebreek is: Daai Antie kan nie vanaand hier wees nie want sy staan met 'n plakkaat voor die katedraal.

So is hulle toe weg na Witandries se vergadering. Maar daar tel hulle toe moeilikheid op. Want Fillup Weier se off-white BTK-tan maak hom toe heelwat onwelkom.

Toe't die ganse Sanctum Retoricum maar besluit om te bôggerof en te gaan senings en chips eet by die Loeloeraai.

(Vir die GOMLASTIEKGOGGA was dit 'n benouende week. Iets was aan die gang en hy kon nie weet wat nie. Een uitdrukking van sy koshuisvriende kon hy egter vir seker as uiters toepaslik ervaar: HAA — KAA — GEE — KAA)

**Barend Vos**

# Groot inbraak by koshuis

'n INBRAAK het tydens die September vakansie by Harmonie plaasgevind. Nadat die studente van vakansie teruggekeer het, is daar ontdek dat waardevolle artikels uit verskillende kamers vermis is.

Hierdie artikels het kassetspelers, radio's, sakrekenaars en kontant ingesluit.

Op 28 September het die hoofmatrone, mev. Terblanche, van vakansie teruggekeer en bemerk dat sekere items uit haar woonstel gesteel is. Die hoof van Kampusbeheer, mnr. André Meyer, het dadelik ondersoek ingestel. Slotte van beide kaste en deure is gebreek.

Die inbraak word as professioneel beskryf, omdat géén artikels rondgestrooi is nie.

"Die diewe het beslis geweet wat hulle wil hê. Hulle het selektief te werk gegaan en net die duurste artikels gesteel," het die koshuismoeder, mev. Müller gesê.

Volgens 'n woordvoerder van die polisie is niemand tot dusver in hegtenis geneem nie. Persone wat oor inligting beskik kan met speurder Linde by telefoon 70341 in verbinding tree.

# Ondersoek na ASB

OP die SP-vergadering van 21 September is 'n mosie dat ondersoek ingestel moet word oor die wenslikheid van US se reaffiliasie by die Afrikaanse Studentebond, aanvaar. Die voorsteller was mnr. Panayotis Stais.

Die vergadering het nooit standpunt oor die reaffiliasie ingeneem nie, maar die mosie slegs aanvaar as 'n ondersoek oor die wenslikheid van US se hertoetrede tot die ASB geloods word.

Mnr. Braam Hanekom het die voorstel gesekondeer.

Onmiddellik na die aanvaarding van die mosie, is 'n komitee van ondersoek, bestaande uit vier lede, deur die SP verkies. Hulle is mnre. Hendrik Verwoerd, Arnold Smit, Cecil Murray en Nick Myburgh. Die komitee se enigste doel sal in die ondersoek oor die wenslikheid van reaffiliasie al dan nie lê.
nie lê.

# perspektiewe en dinge

DIT is nag. Een van daardie nagte. Die gesels loop slinger-slinger deur die veld, kom heelwat later op 'n voetpad af en kies daarmee koers.

Die pad vóór nou kruip skuifelend-sku uit die donker die dowwe lig binne. Soms rus dit teen die stam van 'n ou kremetart. Ander kere draf dit sommer bult-af.

Staan padlangs stil, hier en daar. Aan die meeste raak dit net. Ma, Pa, skool, eise, verlangens, vreugdes, herinneringe. Partymaal steek dit viervoet vas — voordat dit kom by wat daaragter lê. Eintlik dikwels. Spronge ook, soms.

Woorde. (Waarheid?)

dawie bosch

(Alles?)

Baie Woorde. Probleme. *Help?*

Vreugdes van tóé. En toe seer. Help!

Partykeer weer seer. Antwoorde? *Stilte.*

Vreugdes van nou . . . en vreugdes van toe. Hartseer van nou.

Sin? *Stilte.*

Sin van . . .?

Woorde, foute. Help? *Luister.*

*Is luister hulp?*

Gemeenskapsdier. Is ons iets sonder ander? Moet ons uit "die self" kom? Móét ons gesels?

Moenie raak nie. Bly weg. Die deur is toe. Jy durf dit nie oopmaak nie. Toegesluit. Weg!

Ons is nie alleen op die aarde nie. Hoe erg sou dit nie wees as ons alleen was nie.

Maar ons ís alleen. Ander mense se teenwoordigheid doen aan hierdie feit geen afbreuk nie. Ons kom dikwels bymekaar — en ons raak selfs, soms. Dit maak ons dalk minder alleen, maar op ons eie bly ons staan.

Dit is ander mense wat die lewe vir ons die moeite werd maak. Sonder hulle sou dit nie lewe wees nie, maar iets minder. Dit is hul kontak met ons, die gee en neem, wat die verskil maak.

By ander kan ons leer, lewenservaring opdoen, gemaklik voel. In daardie sin dra hulle tot ons lewe by. Maar as dit daarop sou aankom, staan ons alleen. Alleen in die finale instansie.

Of . . . in die finale instansie is ons deel van die om ons. Dit is hulle wat ons maak, en ook deur hulle wat ons bestaan. Ons is nie, behalwe in dié wat om ons is; in ons verhoudinge met hulle.

En probleme is daar in oorvloed. Dit is nou wel, soos rykdom, nie gelyk uitgedeel níe. Maar elkeen van ons het sy deeltjie.

Party word deur dié probleme ondergekry. En nie te selde nie is dit omdat ons dit alleen probeer verwerk. Of omdat ons soms so moeilik praat. Miskien uit trots, of skaamte, of vrees. Vrees om onsself oop te stel, om ons swak plekke te wys, om seer te kry. Skaamte, dalk, vir wat ons werklik is.

Wie weet. Dalk is dit tog die moeite werd om 'n kans te vat.

Praat, 'n sleutel? Om uit die self te kom?

Luister, 'n sleutel? Om 'n ander uit spinnerak, uit self-kokon, te help?

# A Question of Balance



"What makes the desert beautiful," said the little prince, "is that somewhere it hides a well . . ."

Antoine de Saint-Exupéry
*The Little Prince*

# Alfa en Oméga...



THE ARGUS

**Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."**
— Joh. 8:31-2.

●

**Ons glo dat enige leer wat gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer, dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.**
— Die Belharbelydenis van die NGSK, Oktober 1982.

●

**DIE NG Kerk staan voor een van die ingrypendste geestelike beslissings in sy geskiedenis.**
— Prof. Willie Jonker, Oktober 1982.

# SR spring saam maar rook nie

DIE hele Studenteraad gaan 'n valskermsprong onderneem om reklame te maak vir Karnaval '83. Volgens me. Cora Gerber wys dit dat die SR "bereid is om te staan of val by Karnaval . . ."

Mnr. Cecil Murray het hierdie mosie voorgestel. Almal behalwe mnr. Deon Rossouw (wat buite stemming gebly het) het daarvoor gestem. Die SR sal nou vroeg in 1983 die nodige opleiding vir die sprong ondergaan.

Die tesourier van die SP, mnr. Herman Marais, het bekend gemaak dat die bydrae per student tot SR-fondse sal styg vanaf R7,75 tot R8,40.

In 'n mosie wens die SP die Universiteit van Pretoria geluk met hul besluit om gekleurde studente op nagradse.vlak toe te laat.

'n Ooreenkoms tussen die SR en USAT, t.o.v. die opknapping en gebruik van die Ou Konservatorium, is op die SR-vergadering van 6 Oktober goedgekeur.

Alle toerusting in die studenteteater is die eiendom van USAT.

Huurgeld vir gebruik van die saal, wat deur USAT bepaal word, kom USAT toe. Enige oorname van bogenoemde beheer of besit van die teater of uitrusting deur die SR sal slegs geskied met regmatige vergoeding aan USAT.

Aan die begin van elke USAT-bestuurstermyn sal die SR geleentheid kry om vooruitbesprekings van die teater te maak t.o.v. die daaropvolgende 15 maande. USAT geniet egter voorkeur by die aanbieding van Dramafeses.

## Uit die SR en SP

Ten spyte van die drie rokers op die SR, het mnr. Cecil Murray daarin geslaag om nie net rook op SR-vergaderings verbied te kry nie, maar ook die SR hul afkeer daarteenoor te laat uitspreek.

'n Deel van die betrokke mosie lui so:

"Dat — die SR te kenne gee dat hy bewus is van die gevare wat rook vir die mens inhou;
— SR-lede wat rook deur die Raad versoek word om, in hul eie belang, minder te rook of die onaangename gewoonte te staak."

Die portefeuljes wat die SR-lede beklee is gefinaliseer. Dit is:

*Voorsitter:* Deon Rossouw.

*Onder-voorsitter en Openbare Skakeling:* Braam Hanekom.

*Sekretaris:* Hendrik Verwoerd.

*Tesourier:* Herman Marais.

*Addisionele lid en Leierskapsontwikkeling:* Arnold Smit.

*Publikasies:* Cecil Murray (voors.), Christo van Heerden (o/voors.)

*Verenigings:* Christo van Heerden (voors.), Cora Gerber (o/vors.)

*Kultuur:* Chris Jones.

*Kleure en Erekleure:* Philip Meyer.

*Damesbelange:* Cora Gerber.

*LSS':* Anton Smith.

*SPOG:* Cecil Murray.

*Studente- en Akademiese Belange:* Philip Meyer.

*Karnaval:* Kobus du Toit Bosman.

*USKOR:* Kobus du Toit Bosman.

*Sport:* Eddie Albertyn.



DAAGLIKSE kontak tussen studente van verskillende rasse is baie vormend vir latere goeie gesindhede. Die skrywer van dié artikel voel verder dat oopstelling nie sal veroorsaak dat US sy karakter verloor nie.

# 'n 'Oper' Stellenbosch kan nóú baie beteken

DIE studente van Stellenbosch het toe hul administrasie versoek om die universiteit oop te stel. In baie kringe word dit as 'n groot voorwaartse stap beskou. Andere dink weer dat die stap nie veel betekenis inhou nie. Wat is die situasie?

Laat ons geen oomblik daaroor twyfel nie. Stellenbosch was nog oor die jare heen die bakermat van Afrikanerleiers en in sekere mate kan die polsslag van die Afrikanerhart daar getoets word.

Daar is geen sin daarin om die Afrikaner as onbelangrik af te maak nie, want dit is die groep wat die politieke mag in hierdie land besit. Wat die jeug van daardie groep, die leiers van môre, te sê het, is ook noodwendig van belang.

> **"US se posisie buite die tradisionele 'laertrek-organisasie' van Afrikanerstudente, die ASB, stel hulle in staat om meer onafhanklik, ernstig en met meer vryheid oor die politiek te besin."**

Die idealisme van 'n jong mens duur nie altyd lank nie. Baie is uitgesproke in hul studentedae, om dan sodra hulle werk in hul dop terug te kruip. 'n Mens durf nie nalaat om die vormende invloed van jou studentedae op latere gesindhede te erken nie. Allermins kan ons dié gebaar van die Maties as onbelangrik ag.

In beginsel het hulle nou besluit dat studente van alle rassegroepe op alle vlakke van studie tot die universiteit toegelaat kan word, en dat slegs akademiese meriete as kriterium vir toelating moet dien.

Hulle voel dat die universiteit self oor die toelating van studente moet besluit (dus outonoom moet wees), maar dat die Afrikaanse karater van die Universiteit tog behoue moet bly.

Dit klink regverdig en besonder "verlig". Die enigste probleem is dat hulle oënskynlik baie waarde aan die blanke aard van daardie karakter heg en dat hulle as't waarde 'n kwota-stelsel vir die toelating van ander studente bepleit. Tagtig persent van die studente moet Afrikaanse "blankes" wees.

Dit spreek vanself dat ras nog te groot 'n faktor is, maar ons moet in gedagte hou dat daar onder baie Afrikaners nog 'n weerstand teen sodanige veranderings is.

**MENINGS-AKTUEEL**

**DIÉ artikel deur FLOORS VERSIENER het op 15 Augustus in die Ekstra-Rapport verskyn.**

Stellenbosch het binne 'n relatiewe kort tyd ver op die pad gevorder. So onlangs as 1977 was daar geen "nie-blanke" studente nie. In 1978 is die universiteit se deure toe vir ander rasse geopen, maar slegs op 'n beperkte skaal. Net studente wat nie 'n bepaalde kursus by hul "etniese universiteite" kan volg nie, is op nagraadse vlak toeglaat, 'n situasie wat steeds bestaan. Nou wil die studente die deure selfs wyer oopmaak. Hul Rektor sê hy sal dit ernstig oorweeg.

Wat voorgestel is, is nie genoeg nie. 'n Mens sou graag wou sien dat hierdie trotse instelling, seker een van die bestes in die land, werklik oopgemaak sal word, maar ons kan nie te ongeduldig wees nie.

Die belangrikste punt is dat die Maties regtig nie bang hoef te wees dat hul universiteit sy karakter sal verloor nie. Sule dinge word deur tradisies beskerm: Wetlike maatreëls is nie nodig nie.

Dit is bemoedigend dat die studente van Stellenbosch oënskynlik nie stilsit wanneer dit by politiek kom nie. Miskien is hulle nog te konserwatief, nog te versigtig, maar daar is ten minste beweging. Hul posisie buite die tradisionele "laertrek-organisasie" van Afrikanerstudente, die ASB, stel hulle des te meer in staat om meer onafhanklik, ernstig en met meer vryheid oor die politiek te besin.

Terwyl ons dan moet hoop dat die oopstellingskwessie nie sal kwyn nie, en dat universiteite uiteindelik vrye toegang aan alle rassegroepe sal verleen, wil ons ook die hoop uitspraak dat ons jongmense bymekaar kan uitkom. Die opsigtelike gebrek aan kontak tussen Stellenbosch en die Universiteit van Wes-Kaapland is 'n rede vir kommer.

Daar is ook heelwat hardekoejawels by UWK — die soort mense wat alles wil afbreek, wat nie 'n "Boer" wil sien nie, maar baie kan insien dat isolasie en konfrontasie nie goeie vrugte afwerp nie, net meer harde koejawels.

Dit het tyd geword dat dié spulletjie bymekaar uitkom. Slegs as dit gebeur, kan die Maties die Wes-Kaapse studente se griewe begryp, en kan laasgenoemde insae verkry in die vrae van hul blanke kollegas.

Om sodanige kontak moontlik te maak, sal die harde koppe aan die UWK moet besluit of hulle konfrontasie of vrede soek. Dieselfde geld vir Stellenbosch. Meer gebare, soos die afgelope een kan ons nader aan mekaar bring.

Miskien bewys die jong mense nog dat alles in hierdie land nie verlore is nie.



DIE tyd is ryp daarvoor dat Maties kontak het met anderskleurige studente, vir begrip en vrede, skryf Floors Versiener.

# Ou Mutual borg prim-seminaar


DIE nuwe primariae het op 23 en 24 September 'n leierskapskolingseminaar bygewoon. Ou Mutual het die seminaar volledig geborg.

Die seminaar is in die Van Riebeeck-Hotel in Gordonsbaai deur prof. J. Malan en mnr. T. Park aangebied. Hierdie skolingsgeleentheid vorm deel van die SR se omvattende leierskapontwikkelingsprojek.

Die algemene doelstelling van die seminaar was om die kennis van koshuisleierskap te vermeerder, leierskapvaardighede te ontwikkel en 'n positiewe gesindheid jeens die noodsaaklikheid van die koshuisleier se taak te ontwikkel.

Onder die bekwame leiding van die twee seminaarleiers is daar hard aan spesifieke aspekte van leierskap soos besluitneming, dinamiese spanfunksionering, kommunikasiestrategieë, beplanning en selfkennis gewerk. Persone van die Administrasie van die Universiteit het ook met die primaria gesels oor die koshuisreëls, ouditering en boekhouding en koshuisfinansies. Die vise-Rektor, prof. R. de Villiers, het ook die seminaargangers toegespreek en middagete saam met hulle genuttig.

VOORSPOED MET DIE 'GROOT SWOT'



VOOR U VERTREK ASSEBLIEF !!

GRIET
vir Gebruikte Akademiese Boeke

GRIET h/v Andringa en Victoriastrate Stellenbosch
Tel. nr. 70712

# IS U REALISTIES?



Piet Marais vir LV

## ONS IS!



Neels Ackermann vir LPR

## DIE NASIONALE PARTY EN ONS GLO AAN:

- Die handhawing van die beginsels van selfbeskikking oor eie sake en medeverantwoordelikheid oor gemeenskaplike sake op alle regeringsvlakke.
- Die wete dat die blankes se reg tot selfbeskikking 'n vereiste is vir die vrede, veiligheid en voorspoed.
- Die beskerming van die regte van minderhede en die verwerping van 'n meerderheidsregering in 'n eenheidstaat.
- Noodsaaklike hervormings en vernuwings op ekonomiese, staatkundige en maatskaplike gebied.
- Die beskerming en behoud van morele waardes en beskaafde standaarde.

## ONS VERWERP DIE:

KP se onbekookte en hartelose beleid van hartlande vir kleurlinge en Asiërs. Waar en hoeveel wonder 'n mens.

NRP se beleid van plaaslike opsies. 'n Resep vir chaos, verwarring en onderloosheid.

PFP se abdikasie politiek wat moet lei tot 'n een-mens-een-stemregering in 'n eenheidstaat.

## VIR ORDELIKE EN REGVERDIGE NAASBESTAAN

# STEM NASIONAAL

Opgestel en geplaas deur: F.J. van Venter, LPR, Trustbankgebou 200, Andringastraat, Stellenbosch.

# Moet op oorlog voorberei as vrede begeer

**TOBIE BEUKES, skryf:**

Ek is nogal verbaas oor die strekking van die debat in *Die Matie* oor die sogenaamde militarisering van die Suid-Afrikaanse samelewing. Sonder om aanspraak op heldersiendheid of alwetendheid te maak, wil ek dit betwyfel dat die meerderheid van die Maties deel in die kommer en ergenis wat in u blad oor die sogenaamde militarisering uitgespreek word.

Dit is in elk geval nie die soort onderwerp waaroor daar om die koffiekan of tot laatnag gesels word nie. Die manne raak ook nie gaande daaroor by Tollies of op die Lanzerac se stoep nie. Ek vermoed gevolglik dat die weerstand wat teen die "toenemende militariseringsproses wat op baie vlakke plaasvind" tot bepaalde oorde op die Akker beperk is en dat dié mense blykbaar baie goed daarin geslaag het om hulle (minderheids-) standpunt deur middel van *Die Matie* te stel. Veroorloof my om ook iets van die anderkant van dié saak te stel.

### Vrede

Die Romeinse generaal Vegetius het by geleentheid glo gesê: "Si vis pacem, para bellum". Ondanks die 2000 jaar wat sedert dié gevleuelde uitspraak verloop het, is dit vandag nog net so waar dat, as jy vrede begeer, jy jou op oorlog moet voorberei.

Die soort mense waarteen ons op die grens veg, en wat 'n bepaalde militêre paraatheid van ons hier in Suid-Afrika 'n voortbestaansvereiste maak, is nou nie juis dié soort wat beïndruk met die wyse waarop hulle 'n "beter" soort samelewing hier wil skep nie. Hulle is mense wat nie huiwer om onskuldige burgerlikes te beroof, te terroriseer, te vermink, op die gruwelikste wyses om die lewe te bring of om landmyne te plaas op paaie wat deur burgerlikes gebruik te word nie. Ek dink dat enige regdenkende mens my dit gelyk sal gee as ek uit die wyse waarop terroriste kwansuis reg en geregtigheid nastreef, aflei dat dit eerder vir hulle gaan om die verkryging van politieke mag teen elke prys en die afdwing met behulp van militêre geweld van hulle insigte en oortuigings op die ganse Suid-Afrikaanse samelewing.

Dat mense wat bereid is om politiek op hierdie wyse te bedryf, nie toegelaat kan word om maar ongehinderd daarmee voort te gaan nie, is vir my dermate voor-die-hand-liggend dat ek my net kan verstom as mense beswaar maak teen die militêre paraatheid wat noodsaaklik is om te verseker dat mense in die geleentheid gestel word om dinge te doen omdat hulle glo dat dit reg is eerder as wat hulle dinge doen omdat hulle andersinds doodgemaak sal word.

Ek wil in dié verband 'n uitspraak van John Stuart Mill aanhaal: "Oorlog is 'n haatlike ding, maar nie die haatlikste van alles nie. Die verrotte morele en patriotiese opvatting dat niks 'n oorlog werd is nie, is baie erger. 'n Mens wat niks het waarvoor hy bereid is om te veg nie, wat net oor sy eie veiligheid bekommerd is, is 'n ellendige skepsel wat geen kans het om vry te wees nie, behalwe wanneer mense wat beter as hy is sy vryheid met inspanning moontlik maak en moontlik hou."

### Koeëls

'n Proses van vreedsame en ordelike politieke debattering (oor onder andere politieke verandering), waar argumente nie met behulp van loodkoeëls gevoer word nie, is die moeite werd om voor te veg. 'n Sodanige bereidheid verg noodwendig militêre paraatheid.

Veral vir diegene wat so beswaar maak teen die sogenaamde militarisering van die Suid-Afrikaanse samelewing, wil ek na J.S. Mill se voorgenoemde uitspraak verwys — en as die skoen julle pas, trek hom aan.

**Ns.** Meneer die Redakteur, ek daag jou uit om hierdie brief onverkort en onvermink in jou blad te plaas! *(Apologie, meneer die Briefskrywer, vir die taal- en vertaalverbeteringe. — Red.)*



## USME is dan nie vrywillig

**TROEP skryf:**

**Ek is vir 'n twee maande-grenskamp deur USME opgeroep. Dít is nou 'n nare ontnugtering. Dit lyk mos nie asof hulle ons tegemoetkom soos hulle gesê het nie. Dit is dan glad nie vrywillig nie. Kan ons nie maar die bestaan van dié eenheid by Stellenbosch in heroorweging neem nie?**



"IN die Kaap het ons 'n soort 'werkende verhouding' . . . ."

## Ons is nie vry nie

**"HK" skryf:**

Stellenbosch is weer die gewillige slagoffer van politiek. Die manne maak keel skoon en verkondig groot waarhede.

Ons almal kry 'n kans om ons haat met argumente te staaf. Die een haat die "establishment", en die ander se haat loop in 'n flenterbroek rond.

Maar ons politieke mag sal ons nie vrywillig afstaan nie. In dié lig gesien lê die ironie daarin dat Stellenbosch se blanke politiek irrelevant is. Ek bedoel nie dat die politieke mag wat ons nou besit, irrelevant is nie, maar dat mense nie verander nie. Ons glo slegs in hervorming as dit ons pas.

Intussen is ons nie vry nie, want vryheid word nie aan diegene rondom ons gegun nie.

*(Verkort. — Red.)*

## TRANSVAAL:

# Sien mekaar as mense

**ANDRÉ LETOIT, Andringastraat 13, skryf weer:**

In verband mét my brief wat wat in *Die Matie* van 3 September verskyn het, moet die Transvalers my net reg verstaan. Eintlik is ek lief vir die Transvaal. Ek het nege jaar daar gewoon. 'n Mens kan seker nie sê dat niks daar aan my afgeskuur het nie.

'n Skeiding tussen Kaapland en die Transvalers, soos ek in die brief propageer, kan as noodmaatreël gesien word. Die lyk asof die blanke Transvalers moedswillig op 'n rassekonflik afstuur. (Jammer dat ek so veralgemeen — daar is sekerlik ook party wat anders dink.)

### Baas

In die Kaap het ons nog al die jare 'n soort "werkende verhouding", gebaseer op vriendskap, met die bruinman gehad. Maar wat het die wit Transvaler gedoen om sy swart mede-Transvaler beter te leer ken? Niks! "Ta" moes werk vir hom en Baas wou verder niks weet nie. 'n Mens kan nie eens in die strate van Pretoria met 'n swartman staan en gesels nie of die mense kyk jou skeef aan. Ek het dit een keer probeer doen en twee minute later daag daar 'n fotograaf van 'n oorsese tydskrif op om ons af te neem.

### Spanning

Almal blaf oor politieke regte. Dis waar dat 'n mens nie vir almal onmiddellik alle regte kan gee nie. Maar wat het die Transvaal gedoen om rassespanning te verminder? Hoeveel Transvaalse skole maak swart tale verpligte vakke?

Dit is tyd dat ons vergeet van politiek en mekaar as mense raaksien. Ons weet nie eers wie die swart- en bruinmense se sokkerhelde of skrywers is nie.

En as ek belangstel om iets meer van my mede-Suid-Afrikaners uit te vind, maak dit my dan outomaties deel van die "Totale Aanslag"?

### BRIEWEBUS

**Joe Soap.** Even when using a pseudonym your name and address should be supplied.

**Siener:** Volgens wet mag u nie nou onder skuilnaam skryf nie.

## *Laat respek sy plek inneem*

**WILLIE LUBBE, Morganstraat 7, Strand, skryf:**

Terwyl daar min tyd oor is om harde werklikhede soos armoede en rassehaat uit die weg te ruim, word minder belangrike aspekte van die samelewing deur politici beklemtoon.

Die alternatiewe voor die Stellenbosse kieser kan egter soos volg opgesom word.

Daar is die Konserwatiewes wat nog nie wil aanvaar dat daar nie 'n enkele land in die wêreld is wat 'n goeie woord vir "Apartheid" het nie.

Die progressiewes bied 'n tuiste aan vir militantes, linksgesindes, jingoes ens.

Die NP se beleid het Suid-Afrika die muishond van die wêreld gemaak. Oor hul skandale en ongeregtighede kan boekdele geskryf word.

Daar is egter nog 'n vierde alternatief. Hulle staan bekend as die gematigdes — die Nuwe Republiek Party. Hulle glo dat konstitusionele veranderings 'n proses van evolusie behels waarby alle groepe betrek moet word. Hulle glo in hul beproefde beleid van plaaslike opsie, waarvolgens elke groep of liggaam oor sy eie samestelling en uitlewing kan besluit. Hulle weet dat die onmiddellike afskaffing van die groepsgebiede en immoraliteitswette nie kan wag totdat die grondwetlike veranderings op die wetboek geplaas is nie.

Stellenbosch sal op 3 November die "stem" dwarsoor Suid-Afrika laat weerklink ten einde respek en agting weer hul plekke te laat inneem.

*(Verkort. — Red.)*




# Moeilike onderwerp goed hanteer

**ROMANO MANUEL, Dagbreek, skryf:**

In *Die Matie* van 3 September beweer die subredakteur Kuns, dat *Die Matie* die resensie oor die film *Time Bandits* op dié van *Die Burger* en *Die Argus* baseer. *Die Burger* het wel die film een waarderingster gegee — in 'n totaal onprofessionele resensie wat 'n vraagteken oor die bevoegdheid van sy kritikus plaas. In teenstelling hiermee het *The Argus* die betrokke rolprent vier waarderingsterre gegee en ek haal uit dié resensie aan: "*Time Bandits* is also a rather superior movie." Uit bogenoemde moet afgelei word dat die sub-redakteur nie *The Argus* se resensie gelees het nie en ook nie die film gesien het nie, om sodoende sy eie waardering uit hierdie ooglopende teenstrydigheid te maak.

### Bywoning

Die berig wat in *Die Matie* van 19 Augustus geplaas is, het tot gevolg gehad dat relatief min mense die fliek gaan kyk het. In my koshuis het verskeie persone die feit uitgelig dat *Die Matie* die fliek as kindersnert afgeskiet het en het dit dus nie gaan kyk nie. Bywoning daarvan was ook merkbaar swakker in vergelyking met *A Star is Born* wat in die teater langsaan gedraai het. Die betrokke aand waarop hierdie skrywer *Time Bandits* gaan kyk het, was die teater slegs kwart vol teenoor *A Star is Born* wat vol was.

### Goed en kwaad

*Time Bandits* het 'n uiters goed uitgewerkte draaiboek, 'n slim dialoog en 'n bekwame groepie akteurs. Die sub-redakteur wys op sy stelling "dis 'n ope vraag of die regisseur van *Time Bandits* die kykers oortuig". In dié betrokke geval het die regisseur daarin geslaag om 'n ernstige en moeilike onderwerp op 'n uiters oorspronklike en volgens my hoogs suksesvolle wyse te benader. Deur gebruik te maak van absurde komedietegnieke het die regisseur die primêre doel van die film oorgedra, naamlik die stryd tussen goed en kwaad. In die film kom verskeie verwysing voor, byvoorbeld die reeds genoemde relatiwiteitsbegrip (wat impliseer dat 'n persoon vorentoe en terug in tyd kan beweeg) en reïnkarnasie. Dit lewer ook kommentaar op die afhanklikheid van die moderne mens op hedendaagse tegnologie en bevraagteken die grondbeginsels van die Christelike godsdiens. Dit is 'n rolprent wat 'n mens laat dink oor die hele kwessie van menswees, menslike waardes en voorafbepaalde idees oor godsdiens sonder om moraliserend-didakties te wees.

*Time Bandits* het sekere inherente foute en daarom is dit nie 'n "klassieke" film nie, maar dit is beslis van 'n baie hoë standaard en is nie die swak, onoordeelkundige beriggewing in *Die Matie* werd nie.

*(As u* Die Burger *se hoofresensent van rolprente se bevoegdheid wil bevraagteken, staan dit u vry.* Die Matie *se eie resensent kon dié rolprint nie self beoordeel nie, aangesien onderhandelinge vir komplimentêre kaartjies toe nog nie afgehandel was nie. — Red.)*

**U.U.B. *VIR AL U***

★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

*DIE indeks waarvolgens die advertensies geplaas word, is: Geboortes, VErlowings, Huwelike, In Memoriam, Sterfgevalle, Persoonlik, Kennisgewings, VERLORE, GEVIND, TE KOOP, TE KOOP GEVRA, LOSIES, LOSIES GEVRA, RYGELEENTHEDE, RYGELEENTHEDE GEVRA.*

*Advertensies moet skriftelik, met die regte bedrag in 'n koevert, in* Die Matie *se posbus (nr. 20, Neelsie) geplaas word.*

*'n Bedrag van slegs 75c vir elke 15 woorde word gehef, behalwe vir advertensies onder GEVIND, wat gratis geplaas sal word.*

### VERLOWINGS

- Aan Erica en Willie. Voorspoed met julle verlowing en geluk met julle eerste eksamen saam.

### PERSOONLIK

- EK doen tikwerk. Prys onderhandelbaar ooreenkomstig die tipe werk. Het geleentheid om werk heen en weer te stuur. Tel. (024) 33665, Strand.

### KENNISGEWINGS

- AKTUELE LITERATUUR te koop. Graffier (R1); WIP (R1); Law in South Africa — Lifting the Veil (R1,50); Frontline Magazine (R0,75). Kontak: Die Sekretaris, Polstu-Stellenbosch, Bus 48, LSS; tel. 9788.
- ALLE oud-Nemesianers moet hul fietse voor 16 Oktober by Nemesia kom haal. Daarna sal dit verkoop word.

### TE KOOP

- HONDA 400 Hawk te koop. Pas oorgedoen (overhauled) met Honda House-waarborg. R1 400. Laat boodskap by Dawie, tel. 71502 of 72332.
- HONDA Express (50 cc). Geel met geel valhelm — R200. Skakel Barbara Fölscher by tel. 9113 (Van Ryneveldstraat 88).
- VESPA-bromponie, 150 cc, te koop vir R150. Fantastiese waarde — net R1 per cc. Skakel Jacques by Tel. 74130.

### LOSIES GEVRA

- BLYPLEK vir twee of drie nagraadse vroue dringend gesoek. Skakel Jennie Johnson by 9788 of Corinne Oosthuizen by 6592.
- LOSIES gevra vir Januarie in die Strand. Bel 2014 (vra vir Hanlie Smit).

### RYGELEENTHEDE GEVRA

- NA Pretoria 20—26 November. Skakel 71502.
- NA Welkom 12 November of gou daarna. Skakel Karin Joubert, Nemesia.

PORT ISOLASIE SWART MEERDERHEIDSREGERING RASSEHAAT EEN-MENS-EEN-STEM K.P.
EDWONGE INTEGRASIE INFLASIE PLAKKERY TOTALE AANSLAG HOUGHTON-CLIQUE PROT
ROGGE 44 MAIN STREET ONTUGWET VERRAAD STAKINGS UMKHONTE YE ZISWE KOMMUNISM
E ZISWE KOMMUNISME MUGABE DE GAULLE OPTION WIT DOMINASIE SWART OORHEERSING N.
ROEDERBOND NASIONALE PARTY A.N.C. INGWAVUMA BLACK SASH SUIDWES-AFRIKA NA
MAJORITY RULE VERKRAMPTHEID KONSOLIDASIE KETTERY BROEDERTWIS HAKKEJAG DWE
EN-MENS-EEN-STEM K.P. SENSUUR 90 DAE VAKUNIES PROGGE BOEREHAAT NASIONALE D
OUGHTON-CLIQUE PROTES PERMISSIWITEIT WITBROOD H.N.P. JINGOISME WAPENBOIKOT
SWART OORHEERSING N.P. O.A.E. BROEDERBOND ONLUSTE BLACK MAJORITY RULE VERKR
ASH SUIDWES-AFRIKA NAMIBIA GEWETENSBESWAAR SWART GEVAAR POLISIEKLOPJAGTE
ROEDERTWIS HAKKEJAG DWELMMIDELS RASISME K'NGWANE HOGGENHEIMER SEYCHELLE

# KOM ONS BOU 'n NUWE SUID-AFRIKA




## OP HIERDIE FONDAMENTE

- ***EEN KONFEDERALE SUID-AFRIKA MET GESAMENTLIKE BESLUITNEMING DEUR ALMAL OOR GEMEENSKAPLIKE SAKE.***
- ***BEHOUD VAN IDENTITEIT DEUR SELFBESKIKKING VIR GROEPE OOR EIE SAKE.***
- ***VRYE KEUSE VAN ASSOSIASIE DEUR PLAASLIKE OPSIE SONDER GEDWONGE INTEGRASIE OF APARTHEID.***
- ***DESENTRALISASIE VAN GESAG VANAF PRETORIA NA PLAASLIKE - EN STREEKSOWERHEDE.***
- ***VERWYDERING VAN KWETSENDE DISKRIMINASIE.***

## STEM NUWE REPUBLIEK-PARTY

TY RULE VERKRAMPTHEID KONSOLIDASIE KETTERY BROEDERTWIS HAKKEJAG DWELMMID
NS-EEN-STEM K.P. SENSUUR 90 DAE VAKUNIES PROGGE BOEREHAAT NASIONALE DIENSPL
ON-CLIQUE PROTES PERMISSIWITEIT WITBROOD H.N.P. JINGOISME WAPENBOIKOT 18
OORHEERSING N.P. O.A.E. BROEDERBOND ONLUSTE BLACK MAJORITY RULE VERKRAMPTH
SUIDWES-AFRIKA NAMIBIA GEWETENSBESWAAR SWART GEVAAR POLISIEKLOPJAGTE POR
RTWIG HAKKEJAG DWELMMIDDELS RASSISME K'NGWANE HOGGENHEIMER SEYCHELLE DAG
BOEREHAAT NASIONALE DIENSPLIG AGGETT SWART OORHEERSING BOEDELBELASTING AM
ING JINGOISME WAPENBOIKOT 180 DAE KORRUPSIE DUBBELSLAGTIGHEID SWAPO SW
GING TERRORISME GEHEIME PROG-MAGSKLIEK AWB 90 DAE VAKUNIES WITBROOD H
GEVAAR POLISIEKLOPJAGTE PORNOGRAFIE P.A.C. GODSLASTER APARTHEID SABRA M
NGSTEKORT CROSSROADS KONFRONTASIE AANHOUDING SONDER VERHOOR RADIKALISM
VERHOOR HOGGENHEIMER SEYCHELLE DAGGA SARK KAPPIEKOMMANDO VERKOOPSBE
BELASTING AMANDLA PERSVRYHEID SANROC V.V.O. RESESSIE BEPERKING VAN DIE VRY
SLAGTIGHEID SWAPO SWART ALLIANSIE ISOLASIE WIT DOMINASIE KORRUPSIE P.A.C. A

Opgestel en uitgereik deur W.J. Lubbe. Oude Rozenhof, Dorpstraat 10, Stellenbosch.

# SP kwyt hom goed van kwaad

**"HENDRIK GERHARDUS GROENEWALD — 'n halwe SA-burger" skryf:**

Hoera vir die jongmense en studente wat opstaan vir dit wat reg is, al sou dit dan beteken dat hulle as verkramptes gebrandmerk sou word. Ek praat van die pamflet wat op Dinsdag 17 Augustus op die kampus verskyn het.

Ek voel bevoorreg om die skrywers van *Papier*, mee te deel dat hul kommer grondloos was. Daar skyn verwarring te bestaan oor die SR se "oopstelling" van hierdie universiteit. Waarom sou 'n konserwatiewe studente-parlement ten gunste van oopstelling besluit en toelaat dat hierdie Christelike blanke universiteit deur swart massas geïnfiltreer word?

Ek kan u verseker dat die SP daarvoor sal sorg dat die Universiteit se blanke karakter nie deur volksvreemde elemente besmet sal word nie.

Die SP het so 'n mosie aanvaar sodat die liberale massas buite die kampus beïndruk mag word. Hulle heg geen waarde aan dinge soos godsdiens en moraliteit nie. Tog is hulle 'n bron van finansiële steun, en dis mos wat ons graag wil hê.

Die SP het beslis Stellenbosch se belange met hierdie mosie op die hart gedra. Niemand wil hê dat Stellenbosch 'n gebrek aan fondse moet ondervind nie, want Stellenbosch is die toonaangewende blanke universiteit in Suid-Afrika.

**Die voorstelle impliseer dat Stellenbosch 100% wit en Afrikaans mag bly en dui dus nie op revolusionêre oopstelling nie.**

As u 'n kopie van die mosie by die SR-kantoor kan kry en dit sorgvuldig deurlees, sal u 'n beter insig bekom. Die SP het hom nie daar toe verbind dat 20% van die studentetal nie-wit *moet* wees nie. Hy het hom egter daartoe verbind dat 80% "wit-Afrikaners" moet wees. Dit beteken dat 20% uit wit Afrikaners, wit Engelssprekendes, wit andertaliges en Kleurlinge *mag* bestaan. Ook dié 20% kan dus "wit Afrikaners" wees. Dit impliseer dat Stellenbosch 100% wit en Afrikaans *mag* bly en dui nie op revolusionêre oopstelling nie. Die Universiteit en die SP het daarin geslaag om die Liberaliste tevrede te stel, en sodoende fondse te behou.

U kritiek teen die SP is dus ongegrond. Die SP het hom goed van sy kwaad gekwyt en daarvoor moet ons hom alle lof toeswaai.



"OP die golf van populariteit" — Koos in 1943.

## Trep door nodig vir Gat-bib

**JOHAN FECKTER, wys my die groot gat waar die nuwe biblioteek gehuisves gaan word. Dit sallie werkie! Al bou jy 'n biblioteek op die plat aarde bo-op die grond sodat 'n student kaplaks daarin vasloop sal hy nie ingaan nie. Nou grawe hulle 'n groot gat, maak hom vol boeke, gooi weer grond bo-oor, plant gras en sit Oom Jannie se standbeeld weer terug. Net wat 'n student wil hê — loop sing-sing oor die spul boeke.**

**Die argitekte en ingenieurs sal 'n soort "trep door" moet ontwerp sodat die studente tot tussen die boeke val.**

**PROFESSOR: "Hoekom het jy nie in die nuwe biblioteek gaan oplees vir die onderwerp nie?"**

**STUDENT: "My Pa het gesê ek moet nie deelneem aan ondergrondse bedrywighede nie, Perfessir!!"**

**Groete,**
**Koos.**

# Studies gestaak vir yd'le vermaak

**KOOS MEYER, Posbus 356, Vaalwater, skryf:**

Met my onlangse kort besoek op uitnodiging van die Intervarsitykomitee aan Stellenbosch het ek lekker gekuier! Ek haal Churchill aan — "nog nooit in die geskiedenis van menslike verhoudings is daar soveel liefde, gasvryheid en Tassies, deur so baie aan so min gegee nie!" Ek wil graag deur middel van *Die Matie* aan almal baie dankie sê! Julle is 'n klomp wonderlike mense. Om na jare weer terug in Stellenbosch te wees is 'n belewenis.

### Droogmaak

By dié geleentheid het ek aan klein groepies, groter groepe by koshuise en by die Groot Brag, staaltjies uit my veel bewoë dae op Stellenbosch vertel. Hierdie stories beskou ek nie as van veel opvoedkundige waarde nie; in teendeel, dit kan 'n negátiewe effek hê. Dit kan sluimerende talente van "droogmaak" by studente wakker maak en 'n "happy-go-lucky-gees" aanmoedig.


Ek het in die ou dae 'n wonderlike tyd op die kampus gehad. Ek het op die golf van populariteit gery, sports gemaak en honderde "spietse" afgesteek. Ek het 'n eerste prys gekry by die mos-drink-kompetisies, 'n week voor Intervarsity die klasse gelos en gewoonlik 'n klomp gewillige dissipels bygekry. Ek het alles wat ek nie moes doen nie met onderskeiding volbring. Soos Arnold Schrecker, 'n lektor aan die departement van Liggaamlike Opvoeding, aan my gesê het — "Ja, Menier Maaier, jy het jouself nie met roem besmeer sover dit jou akademiese loopbaan aangaan nie." Selfs Langenhoven het in sy versiendheid op my gesinspeel toe hy die volgende limeriek gemaak het:



*"Daar was 'n jong Stellenboster.*
*Sy pa het hom laat leer vir 'n Koster.*
*Maar hy het sy studies gestaak*
*vir ydele vermaak*
*en 'n diploma gekry vir 'n droster."*

### Grade

Later in jou lewe kom die "Boomerang". Jou gewete begin jou pla. Jy dink aan die geweldige onkoste en opoffering wat hardwerkende ouers gemaak het om jou op Universiteit te hou. Jy raak vinnig agter by vriende wat grade behaal het en ongesiens kruip 'n minderwaardigheidskompleks in jou lewe in en verwoes nog oorblywende geleenthede.



VANJAAR was Intervarsity weer so: Koos Meyer op die verhoog met die studente aan sy lippe.

### Paar uur

Dit is beter om met 'n standerd ses sertifikaat by 'n werkgewer aan te kom as met 'n onsuksesvolle universiteitstorie. Die werkgewer dink so: "Hierdie ou was 'n mislukking op universiteit en nou wil hy dit in my besigheid kom voortsit."

As ek maar net 'n paar uur per dag aan my studies gewy het kon ek jare se swaarkry en leed vermy het.

My raad — vir jou eie beswil en ter wille van die wat jy om jou gaan vergader in die toekoms: Byt nóú vas! Een van die grootste geskenke wat die lewe jou kan gee is die paar jare op Universiteit. Jy kan dit net so baie geniet sonder om jou studies te verwaarloos. Onthou: die een met 'n graad kies sy werk; die onsuksesvolle moet gaan vra vir werk — enige werk!

Voor my vertrek na Stellenbosch het 'n klomp oud-Maties my gewaarsku en gesê: "O! jy gaan teleurgesteld wees met vandag se studente — alles het verander; (snik snik) so anders as in ons dae." Ek het gevind my segsmanne is 'n klomp onheilsprofete — 'n klomp "oldies" wat jaloers op die jonkheid is. Sal hierdie ou groot geeste my glo as ek aan hulle vertel dat ek 'n groep studente gekry het wat 'n paar ure voor Intervarsity nog studeer het?

### Die beste

Die studente was vir my te pragtig, ek lief hulle en ek het elke minuut saam met hulle terdeë geniet.

Die Universiteit van Stellenbosch bly maar die mooiste, die grootste, die beste, die Stradivarius onder universiteite!!

Stellenbosch self is so mooi 'n mens moet 'n ruk weg wees om alles regtig te waardeer. Sommer met die intrapslag het ek my, soos oorle Rip van Winkel, aan die pragtige Dorpstraat vergaap. Ek lig my kêps hoog vir die mense wat die ou geboue in ons dorp so pragtig gerestoureer het.

# 'Voorsitter is beïndruk met marionet-vroue'

**E. Steyn, L. van der Merwe, A. Oosthuizen, M. Muller, M. Tusenius, G. Maritz, E. Oosthuisen, W. Lategan, R. Fish, A. Mudge, A. Oosthuizen, C. Oosthuizen, K. Joubert, K. van der Merwe, H. Smit, J. Johnson, J. van der Merwe, L. Mettcalf, F. Waller, A. Britz, en A. Kruger skryf:**

Die volgende uitsprake is deur Deon Rossouw, ons SR-voorsitter, tydens 'n onderhoud met *Varsity*, die studentekoerant van die Universiteit van Kaapstad, gemaak:

**Varsity:** "What is the situation as far as women's rights are concerned at Stellenbosch?"

**Deon Rossouw:** "I think that ladies at Stellenbosch see their role differently from women at English campuses. The majority of Stellenbosch ladies are not very interested in emancipating themselves, taking political leadership or protesting against stereotyping through their clothes etc.

"Personally I am very impressed with the type of woman and the quality of it and the role they play. One might say that they are not involved enough, but their interests do not lie in the field of student-politics. It is wrong to force a woman into a specific role if she perceives her role as something else."

**Varsity:** "But doesn't she see her role as on a different level just because of her socialization or because of tradition?"

**Deon Rossouw:** "I will admit that. But does that necessarily imply that it is wrong? Doesn't a woman, as a result of tradition and socialization, willingly accept this role? The woman is, after all, different from the man in more aspects than the sexual or psychological.

"As one of my philosophy lecturers said: 'The essence of men lies in the word *work* and the essence of women lies in the word *care*'."

• Die ondertekenaars van hierdie brief verstaan nie hoe dit moontlik is dat 'n SR-voorsitter, laat staan nog 'n MA-student in Filosofie, sulke uitsprake kan maak nie. Stellenbosse vroue is oor die algemeen, volgens hom, nie geïntereseerd in politieke leierskap nie, ongeëmansipeerd en stereotiep in hulle kleredrag. Dit gaan nie daaroor of hierdie beskrywing korrek is of nie. Dit gaan daaroor dat hy baie beïndruk is met dié soort van vroue, of liewer marionette.

Siosialisering beperk ons almal se potensiaal. Ons kan kies om nie so beperk te word nie. Wanneer vroue egter voordurend gebombardeer word met sulke stereotipe sienings van hoe hulle behoort te wees voordat hulle mense soos SR-voorsitters kan beïndruk, word dit al hoe moeiliker om wel te protesteer teen sulke stereotipering.

**Deon Rossouw antwoord:**

Ek vind die kwaadwillige verdraaiing van my woorde verwerplik.

Die verslaggewer van die Varsity het Stellenbosch se dames daarvan beskuldig dat hulle stereotiep is in hulle kleredrag en slegs probeer om mans te beïndruk. Ek het geensins saamgestem nie.

Dames op Stellenbosch se kleredrag is oor die algemeen smaakvol en ek sal steeds daardeur beïndruk wees.

Niemand kan ontken dat die aard van 'n man en vrou verskil nie. Wanneer ek die onderskeid tussen "arbeid" en "sorg" maak, impliseer ek geen diskriminasie nie. Dit wil ook geen terrein vir die vrou ontsê nie. Dit wil slegs sê dat die inset van die vrou in die politieke of watter gesprek ookal kwalitatief van 'n ander aard is. Juis haar vroulikheid help haar om gesigspunte na vore te bring wat die man geneig is om te verwaarloos.

# Hoekom duisende aan raadsaal bestee?

**'n STEM uit die studente-unie vra:**

Insake die ewewigtig-gebalanseerd-sentristiese SR die volgende:

1) Hulle staan voor die geweldige uitdaging om aan ons, die studente-unie, te regverdig hoe hulle R16 000 op 'n raadsaal vir hulle eie gebruik kan spandeer. Die huidige een word al jare, sonder enige klagtes, gebruik.

2) 'n Inligtingsblad uitgegee deur die SR is 'n goeie idee. Die Jakkals-prys-sy-eie-stertinslag word egter oordryf. Is dit nodig om so selfvoldaan en opdringerig te wees? Verder stel ons regtig nie in Deon Rossouw se troudag belang nie.

3) Reaffiliasie by die ASB, selfs op 'n SR-basis, mag net met goedkeuring van die studente-unie in 'n referendum gedoen word. Indien nie, tree die SR nie verantwoordelik op nie en sal hulle as sodanig verwerp word.

**vry jý ook?**

Jy het iemand lief
En jy is 'n Christen
Hoe vry 'n Christen?

Wat mag . . . .en
wat mag nie?

In twee Bybelstudiekursusse (een vir mans en een vir dames) word eerlik en openhartig hieroor gepraat. 'n Wye verskeidenheid onderwerpe word aangeraak:

- Wat sê die Bybel?
- Wat mag ek doen en toelaat?
- Uittrek en vry?
- Wat van die pil?
- Ons kan nie gou trou nie . . . hoe nou gemaak?

**Skryf vandag nog in!**

★ Vir mans: *As jy haar liefhet . . .*
★ Vir dames: *As jy hom liefhet . . .*

**Intekengeld: R2,50 (AVB en posgeld ingesluit)**
**Bestel by: Bybelkor, Posbus 5, Wellington 7655.**

BYBELKOR

VIR DIE VOLKSRAAD




DI BISHOP

STELLENBOSCH
TUSSENVERKIESING
3 NOVEMBER

# Die PFP SE SPAN VIR Stellenbosch

PFP

VIR DIE PROVINSIALE RAAD



JOHANN GILIOMEE

# HIER IS 'N PAAR VRAE WAT U VRA — EN ONS ANTWOORDE

## WAT BETEKEN MY STEM?

VRAAG: WAT BETEKEN 'N STEM VIR DIE PFP SE KANDIDATE OP 3 NOVEMBER?

ANTWOORD: Die uitslag van die verkiesing sal as barometer geneem word van wat die Stellenbosse kieser se houding jeens verandering is. Hoe sal u stem vir die verskillende partye geïnterpreteer word?

'n Stem vir die KP sal sê dat u verder regs wil beweeg. 'n Stem vir die NP sal sê dat u tevrede is met die huidige situasie. Slegs deur vir die PFP te stem kan u aantoon dat u glo dat die pas van verandering moet versnel.

## VERDIEN P.W. NOU STEUN?

VRAAG: VERDIEN P.W. BOTHA NIE NOU VERLIGDENKENDES SE STEUN NOUDAT HY SY "NUWE BEDELING" DAARGESTEL HET NIE?

ANTWOORD: Die NP se "nuwe bedeling" los geen ware vraagstukke op nie. Die "nuwe bedeling" sluit alle swart mense uit en daarom ignoreer dit die realiteit. Die "nuwe bedeling" behou al die bestaande apartheidswetgewing oor rasseklassifikasie, groepsgebiede, aparte geriewe, apartheidsonderwys, ens. Totdat die NP 'n bedeling daarstel waarby alle Suid-Afrikaners betrek is en totdat die NP alle diskriminerende wette afskaf kan geen ware verligdenkende kieser die NP steun nie.

## SWART OORHEERSING?

VRAAG: IS EEN-MAN-EEN-STEM PFP-BELEID EN, INDIEN WEL, SAL DIT TOT SWART OORHEERSING LEI?

ANTWOORD: Omdat ons alle Suid-Afrikaners se reg op burgerskap aanvaar, glo ons dat almal dus ook daarop geregtig is om te stem.

Swart oorheersing is slegs moontlik as alle swartmense polities eendersdenkend is, en dit is nie waar nie. Swart mense is polities net so verdeeld soos die blankes, maar hulle afkeer in apartheid skep 'n kunsmatige eenheid. In 'n ope samelewing sal ope politieke partye moontlik wees.

## WATTER WAARBORGE?

VRAAG: WATTER WAARBORGE IS DAAR DAT DIE PFP SE BELEID SAL WERK?

ANTWOORD: Geen beleid kan slaag as die meerderheid mense dit verwerp nie. 'n Mens kan nie — soos die NP doen — 'n beleid in swart- en bruinmense se kele afdruk en glo dat hulle dit gaan steun nie.

Daarom sal die PFP 'n Nasionale Konvensie byeenbring waar al die verteenwoordigende leiers van alle groepe in Suid-Afrika verteenwoordig sal wees.

Hierdie leiers sal deur konsensus 'n nuwe grondwet moet opstel. Die mense van Suid-Afrika sal nie 'n grondwet verwerp wat deur hulle leiers by die Nasionale Konvensie opgestel is nie.

## AANHOUDING?

VRAAG: IS AANHOUDING SONDER VERHOOR NIE NOODSAAKLIK WEENS DIE GEVARE WAT SUID-AFRIKA BEDREIG NIE?

ANTWOORD: Die grootste gevaar wat Suid-Afrika bedreig is apartheid. Om mense vir onbepaalde periodes op te sluit — sonder toegang tot hulle familielede, dokter of predikant — en terselfdetyd apartheid te handhaaf, is sinneloos.

### BELANGRIKE INLIGTING

• As u op 3 November vir die eerste keer in u lewe gaan stem, onthou dat u stem absoluut geheim is en dat niemand sal weet hoe u stem nie. • Op 3 November moet u 'n nuwe lid van die Volksraad en 'n nuwe lid van die Provinsiale Raad verkies. Dit beteken dat u twee keer sal moet stem op twee aparte stembriefies. • Op stemdag kan u tussen 7vm en 9nm kom stem. Maak seker dat u 'n vorm van identifikasie soos 'n lewensboek of paspoort met u saambring wanneer u kom stem. • Onthou om vir Di Bishop en Johan Giliomee te stem.

### 'N WAARSKUWING

U is nie daarop geregtig om om 'n posstem aansoek te doen as u op stemdag, 3 November moet eksamen skryf nie. U is slegs op 'n posstem geregtig as u op stemdag uitstedig sal wees, as u ongesteld is, amptelike pligte in die verkiesing het of 'n siek persoon moet oppas.

Werkers van ander politieke partye wat u meedeel dat u wel om 'n posstem aansoek mag doen omdat u eksamen skryf, veroorsaak dat u die kieswet verbreek. Stel ons in kennis by tel. 5683 of 71440 sodra dit met u gebeur.

# Stem vir DI BISHOP en JOHANN GILIOMEE


## OPENBARE VERGADERING

SPREKERS

**VAN ZYL SLABBERT**
**HELEN SUZMAN**
**DI BISHOP**
**JOHANN GILIOMEE**

**DINS. 19 OKTOBER**

STADSAAL
7.30 NM.



## VERKIESINGSKANTOOR

**CROZIERSTRAAT 10**
**STELLENBOSCH**
**TEL. 5683/71440**

*Skakel ons asseblief by bostaande adres:*

- indien u 'n posstem benodig;
- indien u meer inligting oor die PFP verlang;
- indien u die kandidate wil ontmoet;
- indien u op stemdag, 3 November, vervoer verlang na die stembus,
- indien u weet van kiesers wat Stellenbosch onlangs verlaat het en nog hier geregistreer is.
- indien u 'n huisvergadering wil reël.

**OF KOM GESELF SOMMER NET OOR 'N KOPPIE KOFFIE**

Opgestel en uitgereik deur H. du Toit, Crozierstraat 10, Stellenbosch.

# STELLENBOSCH SPORTMAN EN -VROU VAN DIE JAAR



## Marion Commins



**Prestasies:**

1981
- WP Indoor team
- WP Outdoor team
- SAU team
- Named "most promising player" at Interprovincial tournament

1982
- WP Indoor team
- WP Outdoor team
- SAU team
- Named one of the two best goalkeepers
- Springbok team

**REËLS**

1. Die eerste, tweede en derde prys is onderskeidelik R50, R30 en R20.
2. Die sluitingsdatum is Maandag 19 Oktober om 12h00.
3. Alle inskrywings moet in "Die Matie" se posbus in die loopgang, nr 20, gepos word.
4. Die eerste drie korrekte inskrywings sal as wenners aangewys word.
5. Die eerste drie kandidate, mans en dames, moet in die korrekte volgorde geplaas word.

**KONTANT PRYSE VERSKAF DEUR OHLSSONS KAAPSE BROUERYE**

## Voorspel uitslag en wen R50

| DAMES | MANS |
|---|---|
| 1. ........ | 1. ........ |
| 2. ........ | 2. ........ |
| 3. ........ | 3. ........ |


Naam ........

Adres ........

........

........

Tel. ........



## Stephen Marais

**Prestasies:**

1981:
- Klop P. Rademan (naaswenner op SA Junior kampioenskappe) met punte
- Klop P. van Eden (1980 WP Ope kampioen).
- Wen Nuweling-kampioenskappe

1982:
- Wen alle interklub-toernooie
- Naaswenner WP Ope Lid van WP Span na Kaapprovinsie Kampioenskappe
- Verloor met punte teen huidige SA Kampioen by SA Senior Kampioenskappe in die finaal.

## Annemarie Meyer



**Prestasies:**

1981
- Matiespan
- SAU-toernooi
- SAU-span
- WP-seniorspan

1982
- Matiespan
- SAU-toernooi
- SAU-span
- WP. B-Binnenshuise hokkie
- WP-span
- Jongste lid van Springbokspan



## Victor Liebenberg

**Prestasies:**

1982
- Rekord: Don Locke padwedloop
- SAU Veldloopkampioen
- Rekord: 4de been van Mainstay padaflos
- 8ste in Halfmarathon kampioenskap
- WP Veldloopkampioen

## Wimpie van der Merwe

**Prestasies:**

1981:
- 14de in Rapport Toer (3de SA amateur)
- WP Padkampioen
- WP Tydtoetskampioen (40 km)
- Lid van Matiespan wat die WP 4 000 m span agtervolging kampioenskap wen
- Federasiekleure (Springbok B-span)

1982:
- WP Padkampioen
- WP Tydtoetskampioen
- SA Madisonkampioen (50 km)
- SA Padkampioen (180 km)
- Lid van Springbokspan vir die Rapport Toer.



## Johan Viljoen

**Prestasies:**

1981
- Matiespan
- Matiestoeivoorsitter
- SAU-span
- SAU-stoeivoorsitter
- Bolandspan (teen VSA)
- WP-span
- Sesde in SA Kampioenskappe

1982
- Matiespan
- Matiestoeivoorsitter
- WP-span (teen VSA)
- Eerste in SA Kuskampioenskappe

## Bambie Heiberg




**Prestasies:**

1980
- Springbokkleure.

1981
- Lid van SA span na VSA vir internasionale padwedloop.

1982
- Wen 1 500 m en 3 000 m op WP Kampioenskappe.
- Kapteine WP-span.
- Silwer en Brons-medalje op SA-kampioenskappe.
- WP rekords 1 500 m en 3 000 m
- Lid van Junior Springbokspan.
- Beste WP atleet (vroue) vir 1982.
- Matie en WP kampioen in veldloop.
- SAU veldlooptitel.
- SAU-kleure in veldloop en atletiek.



## Joepie Loots

**Prestasies:**


1981
- Super C-sportmankompetisie — 2e plek

1982
- SA-Tienkampkampioen Springbokkleure
- Iwon van Damme-toekenning as beste WP atleet
- Houer van SA Tienkamprekord

TEM 'N MAN SE DORS. KNAK 'N CARLING.

Amerika se lustige, lewendige bier. Hier in Suid-Afrika gebrou sodat hy vars en sterk kan bly tot die laaste, lewendige druppel. Carling Black Label.

DRINK 'N BIELIE VAN 'N BIER.





JOHAN DU BUISSON in aksie tydens Majuba se onlangse 24-uur marathon te Coetzenburg.

*24-UUR MARATHON:*

# Majuba hardloop puik en voltooi 992,25 rondes

— deur **Daan Dercksen** —

MAJUBA se 24-uur Marathon is van 8 tot 9 Oktober op die Coetzenburgstadion gehou.

Die atlete was: Piet Nieuwoudt; Johan du Buisson; Eric Conradie; Chris Bedeker; Krige van Heerden; Deon van der Merwe; Charl Coetzee; Mauritz Kritzinger; Andries Lesch en Piet Coetzee.

Die atlete is Vrydagmiddag om 14h00 deur mnr. Butch Lochner afgesit. Die rondetye was in die eerste paar rondes goed, en die span het gehoop om 1981 se rekord te verbeter.

## Reën

Die reën wat uitgesak het, het nie die gees gedemp nie, en die hardlopers het gou onder die reën uitgehardloop. Die gemiddelde tyd van die eerste vyf rondes het gewissel van 5:19.8 tot 5:45.2, met Charl Coetzee wat die beste gemiddelde van 5:11.2 behaal het. Daarom was die hardlopers teen 20h00 reeds meer as vier rondes voor op hul beplanning.

Teen middernag het almal geslaap, en net die hardlopers en 'n paar ondersteuners het op die veld agtergebly. Tog was die moreel van die hardlopers nog steeds hoog. Vanaf 21h00 is die hardlopers deur 'n sterk suidoostewind gehinder. Die medehardlopers het probeer om windbrekers te wees, maar die rondetye het getoon dat die hardlopers swaargekry het. Hulle rondetye het van 5:13.6 tot 7:11.6 gewissel.

## Terugslag

Die eerste terugslag het die span net na 06h00 getref toe Eric Cornadie homself weens lewerprobleme moes onttrek. Omdat die ruspouses tussen elke hardloopbeurt nou verkort is, moet Mauritz Kritzinger na slegs twee rondes om 07h36 onttrek.

Die oorblywende agt manne se tyd het tot 'n gemiddelde van 6:26.00 verswak.

Dié stadiger hardlopery en die windjie wat weer gaan lê het, het die manne nuwe moed gegee en die tyd tot 6:06.00 laat terugskuif.

Op Saterdag 9 Oktober om 14h00 het mnr. Butch Lochner die skoot, wat die einde van die marathon aangekondig het, afgevuur. Deon van der Merwe het dankbaar op die 1 500 m merk omgedraai. Die span het 992,25 rondes en 395,1 km voltooi.

Die beste gemiddelde tyd van 5:19.00 is deur Charl Coetzee aangeteken, asook die beste rondetyd van 4:57.00.




PIET COETZEE nader die einde van sy skof in die marathon. Die atlete het probleme met reën wind en beserings.

**TUG OF WAR:**

# *Maties silver medalists at Springbok-trials*

— by **Janine Okkenburg** —

THE Matie Tug-of-war team is the silver medalist at the 1982 Springbok trials.

The South African Tug-of-war championships were held in Bloemfontein on Saturday, 2 October. These championships also served as a Springbok trial to elect a Springbok team which will participate in the World Championships at the Goodwood Showgrounds from 4—6 November.

The entire first half of the September holidays were dedicated to hard training. The Matie team tried everything possible to improve their technique.

## Tension

Two days before the actual championships, eleven Maties left Stellenbosch full of enthusiasm. Teams from all over South Africa arrived in Bloemfontein with only one idea in their heads, that of the green and gold. The tension increased when twelve teams went to enrol for the 720 kg division and seventeen teams for the 640 kg division.

Initially the Maties struggled to acclimatise, but as the competition progressed, they improved. The 720 kg division succeeded in defeating the 1981 champions namely, Goudini, as well as Breëriver who were second. Unfortunately the team from Griquas were too strong for the Capetonians. Stellenbosch had to be satisfied with a second place and the silver medal.

## Function

The Stellenbosch Tug-of-war club will be having a cheese and wine function in the Sanlamhall on 15 October. The tickets will be R10 a couple. Music will be supplied by Delta One. Tickets for the function are available from Gerhard van Eeden ånd Stefan Saayman in Dagbreek, Tel no. 71002.

Sportman/Sportvrou van die Jaar Toekenningsdinee
Saterdag, 23 Oktober 1982
19h30
Aroma Sandshotel, Strand.

## Interkoshuis-toutrek


# *Koshuise ding mee om beker*

INTERKOSHUISTOUTREK gaan vanaf 1983 'n jaarlikse instelling op Stellenbosch word.

Op Saterdag 16 Oktober om 10h00 sal daar 'n interkoshuis-toutrekkampioen skap op Die Braak gehou word. 'n Beker sal aan die wenspan oorhandig word. Die kompetisie sal alleenlik in die 640 kg afdeling plaasvind.

Deelnemers mag slegs in toutrekstewels of weermags tewels deelneem. Die kompetisie sal streng volgens die reëls van die S.A. Toutrekfederasie geskied. Die spanne sal vanaf 08h15 tot 09h30 op Stellenbosch-stasie ingeweeg word. Tien koshuise het ingeskryf en die kompetisie word deur die Matie Toutrekklub gereël.

Daar word beoog om hierdie interkoshuistoutrek 'n jaarlikse instelling te maak. Lede van die Matie toutrekklub mag spanne afrig en aanvoer, maar mag nie self deelneem nie.





DIE wenners van die inter-koshuis veldloopkampioenskappe. V.l.n.r. Paul Conradie (Eendrag), mnr. Jannie Momberg (Voorsitter van die Matie-Atletiekklub) en Ronel Louw (Erica).

*ATLETIEK:*

# Puik seisoen lê om die draai

– deur **J.H. Roux** –

ATLETIEK-ENTOESIASTE op Stellenbosch kan weer eens na 'n baie interessante seisoen uitsien.

Die HAUM-koshuisatletiekliga is reeds in volle swang. Volgens mnr. Nelis Swart, sekretaris van die Stellenbosch-Atletiekklub, is hierdie byeenkomste vir die atlete van groot waarde. Die oogmerk van die liga is die betrekking van meer atlete deur byeenkomste op koshuisvlak aan te bied. Daar word volgens die internasionale puntetabel punte toegeken, en die tien beste prestasies van elke koshuis kom in aanmerking.

Om die kompetisie op 'n regverdiger basis te laat geskied word top atlete nie toegelaat om in hul beste nommers deel te neem nie.

Mnr. Swart sê dit stimuleer die inter-koshuis atletiek-byeenkomste op Stellenbosch en bied aan talentvolle sportmanne die geleentheid om verder te ontwikkel.

## Droommyl

Die WP-liga finaal tussen Stad en die platteland vind op 20 Oktober plaas. Dit beloof om 'n interessante stryd op te lewer.

'n Hoogtepunt op die kalender vanjaar is die Kellerprinz-Droommylbyeenkoms wat op 25 Oktober op Coetzenburg gehou word. Dit is die laaste groot byeenkoms op Coetzenburg vanjaar. Verskeie groot atlete soos Johan Fourie, Herman Potgieter, Matthews Timane en Zola Budd sal deelneem. 'n Interessante stryd kan tussen Johan Fourie, Williams en Libenberg van Wes-Transvaal ontstaan.

Die spiesgooi vir mans voorspel groot dinge met genooides soos Koos van der Merwe en Herman Potgieter.

## Paalspring

In die paalspring gaan die Maties, André Franken, Roux en Joepie Loots dinge uitspook. Nog 'n nommer wat dopgehou sal moet word is die 5000 m vir mans wat interessant kan ontwikkel met atlete soos Victor Liebenberg, Daffue Crisp, Henning Gericke en Timane van Wes-Transvaal.